

**DIE RADIKALITEIT VAN JESUS SE PREDIKING
IN 'N JUDAÏSTIESE SAMELEWING VOLGENS DIE SINOPTICI**

deur

BIRTIE FREDRIK ALBERTUS NEL

SKRIPSIE

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE



in

**UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG**

**BYBELKUNDE
(NUWE TESTAMENT)**

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: PROF. J A DU RAND

OKTOBER 2000

VOORWOORD

Graag wil ek die volgende persone bedank vir die bydrae wat elkeen gelewer het ten opsigte van hierdie studie.

In die eerste plek 'n woord van dank aan prof. J.A. du Rand vir die voorreg aan my gegun om hierdie studie onder sy leiding te kon aanpak en deurvoer. Sy insette rakende die radikale prediking en bediening van Jesus word waardeer, aangesien my kennis daardeur verryk is, en ek sodoende gestimuleer is om my eie relevante navorsing meer effektief te kon doen. Sy uitnemende vakkennis en ook sy belangstelling en meeleving in die studie was inspirerend.

Ek dink met dankbaarheid aan die wyse waarop hy my gelei het en terselfdertyd aan my die grootste vryheid en selfstandigheid gelaat het; aan die noukeurige en onmiddellike aandag wat hy aan my probleme en die voorgelegde stukke gegee het. My waardering word ook betuig aan Juliana Taljaard vir die tikwerk. Dankie dat jy altyd beskikbaar was en dikwels ten spyte van groot werksdruk my gehelp het. Die deeglike werk van die biblioteekpersoneel word hoog op prys gestel.

Van meer persoonlike aard is 'n woord van dankie aan my vrou Avril en ons seuns Desmond, Bertie en Olaf. Hierdie skripsie word aan julle opgedra vir al julle opoffering en vir die verdra van my afwesigheid. Ons het dit saam gedoen.

AAN GOD AL DIE EER.

Birtie

INHOUD

1.	Orientasie	i
2.	Die Titel	i
3.	Die Probleemstelling	ii
4.	Die Doel van die Onderzoek	ii
5.	Die Metode	iii
6.	Die Verloop van die Onderzoek	iv

HOOFSTUK 1

Tersaaklike kernmomente na aanleiding van die situasie tydens

Jesus se aardse optrede	1
1.1 Die politieke situasie	1
1.1.1 Die Romeine neem Palestina oor	1
1.1.2 Die Herodes-familie	2
1.1.2.1 Herodes die Grote (37 - 4 v.C.)	2
1.1.2.2 Argelaus (4 v.C. – 6 n.C.)	4
1.1.2.3 Herodes Antipas (4 v.C. – 39 n.C.)	5
1.1.2.4 Filippus, die viervors (4 v.C. – 34 n.C.)	6
1.1.2.5 Agrippa I (37 n.C. – 44 n.C.)	7
1.1.2.6 Agrippa II	7
1.2 Die sosiale situasie	8
1.2.1 Die familie	8
1.2.2 Dood en begrafnis	10
1.2.3 Behuising	11

1.2.4	Voedsel en klere	12
1.2.5	Opvoeding	12
1.2.6	Siekte en genesing	13
1.2.7	Intermenslike verhoudinge	14
1.2.8	Welstand en welsyn	15
1.3	Die Ekonomiese situasie	15
1.3.1	Voedselproduksie	16
1.3.2	Nywerhede	17
1.3.3	Handel	18
1.4	Die godsdienstige situasie	18
1.4.1	Die priesters en Leviëte	19
1.4.2	Die Sadduseërs	21
1.4.3	Die Skrifgeleerdes	22
1.4.4	Die Fariseërs	24
1.4.5	Die Esseners	26
1.4.6	Die Herodiane	27
1.4.7	Die Selote	27
1.4.8	Die Samaritane	28



HOOFSTUK 2

Judaïsme : Selektiewe tipering	32
2.1 Die volk	32
2.2 Die Wet	33
2.3 Die Sabbat	35
2.4 Die Tempel	37
2.5 Die Sinagoge	40
2.6 Die Joodse Feesdae	41
2.6.1 Nuwejaar (Rosj Hasjana)	41
2.6.2 Dag van versoening (Jóm Hakkippurím)	42
2.6.3 Loofhuttefees (Sukkôt)	43
2.6.4 Die viering van die Wet (Simchat Tora)	44
2.6.5 Die fees van die Tempelwyding (Channoeka)	45
2.6.6 Die fees van Ester (Purim)	45
2.6.7 Die Paasfees (Pésach)	46
2.6.8 Die Pinksterfees (Pentekosté)	48

HOOFSTUK 3

Die begin van Jesus se bediening in 'n Judaïstiese omgewing	50
3.1 Die vroeë lewe van Jesus	50
3.2 Jesus se optrede en prediking	52
3.3 Die boodskap van die koninkryk	55
3.4 Die eise van Sy boodskap	57

HOOFSTUK 4

Jesus en die Wet in die Algemeen	61
4.1 Jesus se houding teenoor die Wet	61
4.2 Jesus se stryd teen die uiterlike vorm van godsdienstigheid	64
4.3 Teenkanting van die Joodse leiers	67

HOOFSTUK 5

Die radikaliteit van Jesus se boodskap en bediening	70
5.1 God se wil as die hoogste standaard	70
5.2 Die vereistes om God se wil te doen	72
5.3 Naasteliefde en diensbaarheid as die essensie van Jesus se lewe	74
5.4 Is Judaïsme en die radikaliteit van Jesus versoenbaar	77

LITERATUURLYS	80
---------------	----



1. Oriëntasie

Hierdie hoofstuk is 'n oorsig van wat in die skripsie behandel word. Die volgende punte kom aan die beurt: die titel, die probleemstelling, die doel, die metode en die verloop van die ondersoek.

2. Die Titel

Die stof wat ek hieronder aanbied belig die titel van die skripsie, naamlik die radikaliteit van Jesus se prediking in 'n Judaïstiese samelewing volgens die Sinoptici. Dit is nodig dat daar kortliks ingegaan word op die begrip radikaliteit wat deurgaans in die studie gebruik word. Die Afrikaanse woord radikaal is afkomstig van die Latynse woord "radix".

Volgens die Cassel's Latin English woordeboek is die letterlike betekenis van "radix" die volgende: "Lit. = The root or lowest part of anything. in gen. foundation, basis origin."

Die Verklarend Handwoordenboek der Nederlandse Taal gee die betekenis van radikaal as volg: "radicaal = tot de wortel toe gaan; diep ingrijpend."

Die Woordkeusegids van P. Hartevelde omskryf die betekenis van radikaal as volg: "drasties, verreikend, ingrypend, deurtastend, grondig, tot die uiterste."

3. Die Probleemstelling

Die feit dat Jesus by verskeie geleenthede radikaal opgetree het, laat 'n mens met die volgende vrae:

Was Jesus se prediking teologies radikaal ten opsigte van Sy Judaïstiese omgewing? Indien wel, was die eise van Sy prediking eties uitvoerbaar?

Was Jesus se prediking so "wêreldvreemd" dat dit nie inslag sou vind in 'n oorwegend vyandige Judaïstiese omgewing nie?

4. Die Doel van die Onderzoek



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

In die lig van die probleemstelling kan die doel met die ondersoek soos volg geformuleer word:

Hierdie skripsie is om die leser bekend te stel met die radikaliteit van Jesus se prediking in 'n Judaïstiese samelewing volgens die Sinoptici. Onthou moet word dat die werk geensins bedoel is om 'n omvattende weergawe en diepgaande insig in al die aspekte van Judaïsme te gee nie. Die skripsie bied slegs tersaaklike kernmomente na aanleiding van die situasie tydens Jesus se aardse optrede. Die bedoeling was om leiding te help gee waarop verdere gevorderde studie gebou kan word.

Die bedoeling is ook dat die verhaal van Jesus soos deur die Sinoptici aangebied vir u as leser groter betekenis en waarde in u lewe sal kry. Luister na Sy stem en Sy woorde terwyl Hy op die berg sit en die skare leer; ondervind Sy liefde vir die soekende sondaar; sien God geopenbaar in die vlees terwyl Sy majesteit getoon word in die wonderwerke wat verrig is.

5. Die Metode

Ek gaan in hierdie onderneming gebruik maak van die literêre eksegetiese vergelykende metode wat hom toespits op die teks soos wat hy staan of soos gesê word die immanente teks benadering. Volgens De Klerk en Schnell (1987 : 3) hang die wyse waarop 'n mens die teks benader af van die inligting wat 'n mens uit so 'n teks wil trek. Hulle sê verder die literêre metode "..... examines the theme and plot of the story, the functions of the various characters, character development and the like".

Een ding wat belangrik is in hierdie metode is dat daaraan ag gegee moet word dat 'n evangelie nie as geskiedenis in die ware sin benader moet word nie, maar eerder as 'n verhaal met 'n boodskap (Van Zyl 1984 : 44). Die feit bring ons by die punt dat 'n evangelie eintlik 'n teologiese verklaring is. Daarom kan ons praat van 'n teologie van Matteüs of enige evangelis. Daar is in die metode gebruik gemaak van die teologiese resultate van eksegetiese ondersoeke.

6. Die Verloop van die Ondersoek

Hieronder probeer ek skets hoe ek my stof in die volgende hoofstukke gaan aanpak.

Die doel van hoofstuk 1 is om na die tersaaklike kernmomente na aanleiding van die situasie tydens Jesus se aardse optrede te kyk. Die rede vir die ondersoek na die situasie is omdat die blye boodskap van Jesus altyd in die raamwerk van sy tyd en omgewing gesien moet word om te kan verstaan wat dit vir 'n mens beteken. Ons stel ons daarom ten doel om die Judaïstiese samelewing waarin Jesus geleef het, te ondersoek en te beskryf. Ondermeer val die fokus op die politieke, sosiale, ekonomiese en godsdienstige situasie waaronder Jesus geleef het. Uiteraard word slegs die kernmomente uitgelig met die oog op die tersaaklikheid daarvan.

In hoofstuk 2 word daar op Judaïsme toegespits met die fokus op die volgende: die volk, die wet, die Sabbat, die tempel, die sinagoge en die Joodse feesdae. Die rede vir die toespitsing op Judaïsme is omdat dit die konteks was van Jesus se prediking en bediening. Die skrywer hoop dat hy nie Judaïsme skade aangedoen het nie terwille van die saaklikheid nie.

In hoofstuk 3 val die klem op die begin van Jesus se bediening. Vanweë die geweldige omvangrykheid van Jesus se bediening, is dit nie moontlik om binne

die bestek van een hoofstuk 'n volledige beskrywing te gee van die verloop van Jesus se aardse lewe en optrede nie. Daar is hoogstens op 'n hoë vlak van veralgemening na 'n paar belangrike ontwikkelings gekyk ten einde 'n profiel van Jesus se bediening daar te stel.

Hoofstuk 4 word gewy aan Jesus se houding teenoor die wet. Alhoewel Jesus 'n baie positiewe ingesteldheid gehad het teenoor die wet (Schnackenburg 1965 : 56), was daar tog geleenthede waar Jesus in konflik was met die Joodse leiers oor die wet. Günther Bornkamm skryf soos volg: "Significant above all, however, is the open conflict with the law which causes the mounting antagonism of the Pharisees and the scribes." Die Fariseërs se veruitwendiging van hul godsdiens was een van die redes wat aanleiding gegee het tot konflik tussen Jesus en die Fariseërs.

In hoofstuk 5 bespreek ons of dit moontlik is om die eise van Jesus se boodskap na te kom? Is die eise van Jesus se boodskap 'n werkbare moontlikheid en is Judaïsme en die radikaliteit van Jesus versoenbaar?

HOOFSTUK 1

Tersaaklike kernmomente na aanleiding van die situasie tydens Jesus se aardse optrede

Die blye boodskap van Jesus moet altyd in die raamwerk van sy tyd en omgewing gesien word om te kan verstaan wat dit vir 'n mens beteken. Ons stel ons daarom ten doel om die Judaïstiese samelewing waarin Jesus geleef het, te ondersoek en te beskryf. Ondermeer val die fokus op die politieke, sosiale, ekonomiese en godsdienstige situasie waaronder Jesus geleef het. Uiteraard word slegs die kernmomente uitgelig met die oog op die tersaaklikheid daarvan.

1.1. Die politieke situasie

1.1.1. Die Romeine neem Palestina oor

Die Romeinse generaal Pompejus het in 63 v.C. die hele Palestina met inbegrip van Jerusalem verower. Die beleg van Jerusalem sou langer as drie maande geduur het, maar aangesien Pompejus die stad op 'n Sabbatdag binnegeval het, 'n dag waarop die Jode nooit sou veg nie, het hulle geen weerstand gebied nie. Daarna het 'n vreeslike menseslagting plaasgevind: duisende Jode is weerloos in die strate vermoor, en die priesters het by hul altare bly staan totdat hulle almal


gedood is. Pompejus het self die tempel binnegegaan, self die heiligdom van die allerheiligste betree – 'n daad wat in die oë van die Jode onvergeetlik was. Later het 'n ander Romeinse generaal die tempel van al sy kosbare stukke beroof. Palestina het onder die Romeinse heerskappy gestaan tot 135 n.C. (Löytty 1967 : 33).

1.1.2. Die Herodes-familie

1.1.2.1. Herodes die Grote (37 - 4 v.C.)

Die begintyd van die Romeinse heerskappy was vol van skielike veranderinge. Toe keiser Julius Caesar in 44 v.C. in Rome vermoor word en Augustus keiser word, het Herodes dadelik ook na Rome gegaan en met vleierey en onderdanigheid die steun van Augustus gewen. In die jare 40 – 37 v.C. was die Parthers in beheer van Judea. Met groot lis het Herodes egter die saak so geplooi dat die hele Palestina ten slotte onder sy beheer was (Baumbach 1965 : 159 – 162). Die keiser het hom in 37 v.C. tot koning oor die volgende landstreke benoem: Judea, Samaria, Galilea, Perea en Iturea–Tragonitis–Batanea. Dit bevat amper dieselfde gebied wat vroeër deur koning Dawid beheer is. As koning was Herodes natuurlik die baie gehoorsame dienaar van die Romeinse heerskappy.

As persoon was Herodes besiel met 'n onversadigbare ambisie. Hy sou enigiets doen om sy posisie te versterk. As vreemdeling het hy nie baie simpatie met die Jode gehad nie. Onder die Jode was hy baie onpopulêr en gehaat. Toe Christus gebore is was Herodes 'n man van 70 jaar. Hy was dodelik siek, diep ongelukkig en het almal van ontrou teenoor hom verdink. Elke offisier, bediende en selfs sy vrou en kinders op wie hy agterdogtig was, het hy laat doodmaak (Pelser 1997 : 256). Toe hy die tyding van die drie wyse manne ontvang dat 'n kind in Bethlehem gebore is en die koning van die Jode sou word, het hy in vrees en woede aan sy soldate bevel gegee om al die seuntjies onder twee jaar in Bethlehem dood te maak (Matt. 2:16-18). In een van sy pynaanvalle het hy homself om die lewe gebring.



Herodes was besonder bekend vir sy bouwerke. Hy het geboue, stede en paaie laat bou. Hy het vir hom 'n paleis in Bethlehem en 'n winterpaleis in Jerigo gebou. Hy het ook die hawestad Cesarea langs die Middellandse see-kus aangelê om verkeer met Rome makliker te maak. In navolging van Rome het hy ook paaie laat bou, iets waaraan die Israeliete in die verlede min aandag gegee het (Groenewald 1968 : 33). Dat hierdie aktiwiteite van Herodes sy onderdane baie aan belasting uit die sak moes gejaag het, kan as vanselfsprekend aanvaar word. En tog het hierdie aktiwiteite van hom vir die Jode ook aanmerklike voordele gebring. Die Joodse volk was naamlik as gevolg hiervan bykans oral in die Romeinse Ryk, veral in die oostelike deel daarvan, verteenwoordig. Op elke

plek van betekenis het hulle sinagoges gehad en kon hulle hulself sosiaal organiseer en ongesteurd met hulle sake besig hou.

In sy testament het Herodes die Grote sy land onder sy seuns verdeel. Volgens die bepalings van sy testament is sy ryk soos volg onder drie van sy seuns verdeel:

- Argelaus – Judea, Idumea en Samaria, asook die koningstitel
- Herodes Antipas – Galilea en Perea
- Filippus – Die gebied noordoos van Galilea

Hierdie erfgename moes egter almal eers Augustus se toestemming kry alvorens hulle daadwerklik oor hierdie gebiede kon regeer. Daarom is hulle so gou as moontlik na Herodes se dood na Rome toe om elkeen vir homself soveel as moontlik te bekom (Löytty 1967 : 36). Hoewel die Jerusalemse gemeenskap 'n afvaardiging na Augustus toe gestuur het met die versoek dat die Herodes-koningskap afgeskaf moes word en dat die Jerusalemse kultuurgemeenskap in sy vorige vorm herstel moes word, het Augustus nie hieraan gehoor gegee nie en Herodes se wense ten uitvoer laat bring.

1.1.2.2. Argelaus (4 v.C. – 6 n.C)

Hy het die agting van die Jode verloor, onder andere deur sy egbreuk. As regeerder was hy ewe wreed en agterdogtig as sy vader. Hy het ook hoëpriesters na willekeur ontslaan en nuwes aangestel. Uiteindelik was die Jode so kwaad dat hulle 'n afvaardiging na die keiser gestuur het om klagte teen Argelaus in te dien. Keiser Augustus het Argelaus na Gallië (Frankryk) verban. Sy gebied is hierna onder die beheer geplaas van die legaat van Sirië. In Jesus se tyd het Judea, Samaria en Idumea dus onder die direkte beheer van die Romeine gestaan, terwyl Galilea en Noord-Trans-Jordanië onder die beheer van Joodse vorste gestaan het, hoewel natuurlik by die gracie van die Romeine (Groenewald 1968 : 34).

1.1.2.3. Herodes Antipas (4 v.C. – 39 n.C.)

Hy was die regeerder van Galilea en Perea. Ook hy was beroemd om sy groot bouwerke. Hy het 'n nuwe hoofstad vir sy land laat bou, Teberias, aan die kus van die see van Galilea – wat in Johannes 6:1, 21:1 ook die see van Tiberias genoem word. Antipas het die Jode gedwing om daarheen te verhuis, maar die Jode het die plek as onrein beskou, omdat dit op 'n ou begraafplaas gebou is. Volgens die evangelies het Jesus Tiberias nooit besoek nie. Later het Tiberias een van die sentra van die Joodse beskawing geword (Pelser 1997 : 261). Alhoewel Antipas die Grieks-Romeinse kultuur bewonder het, het hy tog die Joodse gewoontes in ere gehou. Hy het byvoorbeeld die groot Paasfees in

Jerusalem bygewoon, Luk. 23:7. Maar hy was ook listig en wankelmoedig.

Daarom het Jesus hom "Jakkals" genoem, Luk. 13.32.

By lesers van die Nuwe Testament is Antipas natuurlik in die besonder bekend of berug vir die rol wat hy onder invloed van Herodias gespeel het in die gevangening en vermoording van Johannes die Doper (Matt. 14:3-12). Dit is ook na hom toe dat Pilatus volgens Lukas (23:6-12) vir Jesus tydens sy verhoor gestuur het. Hy staan egter in die Nuwe Testament deurgaans as Herodes bekend en nie as Herodes Antipas nie. Polities en andersins was hy nie van noemenswaardige belang nie en het hy nie 'n blywende indruk gelaat nie.

1.1.2.4. Filippus, die viervors (4 v.C. – 34 n.C.)

Filippus het van die drie broers die minste probleme veroorsaak. Hy was saggeaard, regverdig en vreedsaam. Hy het soos sy pa en sy broer Antipas ook vir homself naam gemaak met die bou van stede, byvoorbeeld sy hoofstad Sesarea-Filippi en Julia naby Betsaida. Hy was die eerste Joodse vors wat munte laat slaan het met die kop van die keiser daarop. Omdat slegs 'n geringe persentasie van sy onderdane Jode was, het hy hom nie veel aan die besware oor hierdie stap gesteur nie (Groenewald 1968 : 35). Hy sterf in 34 n.C. en sy ryk word eers vir drie jaar aan Sirië verbind en dan in 37 n.C. deur keiser Kaligula aan Agrippa I gegee. Hy was getroud met sy kleinniggie Salome, die dogter van Herodias, maar het kinderloos gesterf.

1.1.2.5. Agrippa I (37 n.C. – 44 n.C.)

Hy was die seun van Aristobulus, een van die vermoorde seuns van Herodes die Grote. Toe Agrippa in Rome was, het hy vriendskap met die jong Caligula gesluit, en daarom het Caligula aan hom ook Filippus en Antipas se gebiede gegee. Toe Caligula in 44 vermoor is, het die nuwe keiser, Claudius, ook Judea en Samaria aan Agrippa gegee. Dus was sy ryk amper ewe groot as die van Herodes die Grote. Hy het probeer om die Jode se vriendskap te wen. Hy het die Joodse gewoontes in ere gehou; in sekere mate was hy ook aan die wet van Moses gehoorsaam (Pelser 1997 : 262). Hy het gereeld offerandes aan die tempel gegee. Om in die Jode se guns te kom, het hy die Christene begin vervolg. Die apostel Jakobus laat hy vermoor en Petrus laat hy gevange neem (Hand. 12). Sy dood in 44 n.C. word in Handeling 12:20-23 verhaal.

1.1.2.6. Agrippa II

Hy was die seun van Agrippa I. Omdat hy baie jonk was, het hy eers vanaf die jaar 55, net die klein ryk Kalkis, tussen die Libanon en Anti-Libanon, gekry. Daarby het die Romeine aan hom die hoogste mag oor die tempel van Jerusalem en die reg om owerpriesters aan te stel, gegee. Later het hy die gebiede wat vroeër aan Filippus behoort het, onder sy mag gekry. Keiser Nero het aan hom ook groot gebiede van Galilea en Perea gegee. Eintlik is daar maar min oor Agrippa II bekend en wat bekend is, is nie gunstig nie. Dit blyk dat hy in


'n bloedskandige verhouding met sy suster Bernies betrokke was sowel voor as na sy met ene Polemon van Silisië getroud is. Daar is geen onomstootlike gegewens beskikbaar dat Agrippa of getroud was of kinders gehad het nie. Met sy dood het die Herodes-familie tot 'n einde gekom (Löytty 1967:38).

1.2. Die sosiale situasie

1.2.1. Die familie

Daar is geweldig baie aspekte verbonde aan die sosiale lewe van enige volk. Ons sal ons dus moet beperk tot die basiese verhoudings tussen die mense van die Joodse volk. Ons sal begin by die mees basiese eenheid van die sosiale patroon naamlik die familie met sy verskillende elemente en fases. Die huwelik was deur al die eeue nog die grondslag van die familielewe. Die huwelik word in die Bybel as normaal beskou en daar bestaan gevolglik glad nie 'n woord soos "oujongkêrel" in die Ou of die Nuwe Testament nie. Die monogame huwelik was die normale en gewone benadering tot die huwelik. Poligamie het skynbaar baie vroeg reeds sy verskyning gemaak (De Villiers 1997 : 156). Die probleme van jaloesie, afgodery en ander sondes wat as gevolg van die poligamie na vore getree het, bevestig die bestaan van hierdie vorm reeds van die vroegste geskiedenis van Israel af, maar verklaar ook die beperkte voorkoms daarvan.

In die tyd van die Nuwe Testament het die gebruik, wat in die Ou Testament aangetref word om bywywe aan te hou of om kinders by 'n slavin van die kinderlose vrou te verwek, blykbaar reeds in onbruik verval sover die algemene praktyk betref. Daar was sekere grade van verwantskap waarbinne 'n huwelik verbode was. Hierdie grade word duidelik aangedui in Levitikus 18:6-18 en daaraan is streng vasgehou. Dit was gewoonlik die ouers van 'n jongman wat vir hom 'n vrou gekies het en die huwelik gereël het. In uitsonderlike gevalle het die jongman egter self 'n keuse gemaak en soms is die jong meisie om haar toestemming gevra, soms was dit selfs haar ouers wat die keuse gedoen het. Dit het in elk geval heel selde gebeur dat die jong paar teen die begeerte van hulle ouers ingegaan het.



In die Midde-Ooste is die verlowing byna net so bindend beskou as die huwelik self. Trouens 'n paartjie het na hulle verlowing juridies as getroudes gegeld. Die voltrekking van 'n huwelik het gepaard gegaan met allerlei seremonies waarvan die doel was om die huweliksluiting aan die publiek bekend te maak. Volgens Matteüs 5:31 en 19:8 is dit duidelik dat egskeiding wel voorgekom het en selfs toelaatbaar was onder die Jode (Löytty 1967 : 50). Dit gaan natuurlik terug op Deuteronomium 24:1-4 waar Moses die Israeliete toegelaat het om te skei weens "die hardheid van hul harte". Die groot begeerte van 'n Joodse man en vrou was om baie kinders te hê (vgl. Ps. 127:3-5), maar veral seuns. Op die agste dag is 'n seun besny en het hy sy naam gekry (vgl. Luk. 1:59 en Luk. 2:21), terwyl 'n dogter eers na 'n maand haar naam ontvang het.

Die oudste seun het as die eersgeborene 'n spesiale posisie beklee. Die bekendste eersgeborene in die Nuwe Testament is natuurlik Jesus. Die naamgewing het deur sowel die vader as die moeder plaasgevind. Die naam het uitdrukking gegee aan die posisie van die persoon, sy funksie of die verhouding tot hom.

1.2.2. Dood en begrafnis

Dood is op 'n tweërlei manier benader. Daar is enersyds aanvaar dat alle mense bestem is om te sterwe en daarom is dit so aanvaar (vgl. Heb. 9:27). Paulus het egter andersyds daarop gewys dat dood die straf op die sonde is (Rom. 6:23) en daarom gevrees word. Begrafnisse in die Nuwe-Testamentiese tyd onder die Jode het nie veel verskil van die wat in die Ou Testament beskryf word nie. Ons vind verwysings na die volgende besonderhede: die lyk is gewas (Hand. 9:37), gesalf (Mark. 16:1), toegedraai in linnedoeke nadat dit met geurige olie behandel is (Joh. 19:40), en ten slotte is die ledemate met grafdoeke toegedraai, met 'n kopdoek oor sy gesig gebind (Joh. 11:44).

'n Gehuil en 'n slaan op die bors was 'n tipiese Midde-Oosterse gebruik by 'n begrafnis. Daar is dikwels van professionele roubeklaers gebruik gemaak. In Matteüs 9:23 lees ons byvoorbeeld van fluitspelers by 'n begrafnis. Jesus self het egter sagweg gehuil by Lazarus se graf. Alhoewel die begrafnis dikwels nog dieselfde dag as die dood plaasgevind het, omrede die warm klimaat, het die

rouperiode gewoonlik 'n week geduur. Begraafplase was meestal buitekant die stad of dorp. Alhoewel individuele of familiegrafte gebruik is, was gemeenskaplike begraafplase ook bekend soos blyk uit Matteüs 27:7 (Du Plessis 1997 : 319). Die lyk is gewoonlik op 'n eenvoudige baar na die graf gedra (vgl. Luk 7:12 en 14). Verassing was nooit gebruiklik by die Jode nie en baie is eenvoudig in 'n graf in die grond begrawe waarvan sommige nie eens gemerk was nie (Luk. 11:44). Die meer gegoede klas het hulle grafte 'n meer permanente voorkoms gegee en selfs voor die tyd laat gereedmaak soos Josef van Arimatea.

1.2.3 Behuising

Toe die Joodse volk Palestina ingetrek het, was hulle 'n nomadiese volk wat vir hulle onderdak hoofsaaklik van tente afhanklik was. Teen die tyd van die Nuwe Testament het hulle egter lank reeds hulle nomadiese lewenswyse laat staan en was hulle hoofsaaklik 'n gevestigde volk wat in meer permanente strukture gewoon het. Dat daar nog 'n groot aanvraag was vir tente bewys die feit dat Paulus as tentmaker sy beroep nog voltyds kon beoefen. Teen die Nuwe-Testamentiese tyd het die mense van Palestina reeds in dorpe en stede gewoon met slegs 'n klein klompie wat nog aan die nomadiese lewenswyse vasgeklou het (Löytty 1967 : 47). Die huise van die armes was 'n eenvoudige eenkamergebou met kleimure en dakke van takke wat deur klei gebind is. Die huise was binne-in ook eenvoudig gemeubileer. Alhoewel beddens nie onbekend was nie, was slaapmatte wat soggens opgerol en in 'n hoek geplaas is, in

algemene gebruik. Die eettafel was gewoonweg 'n mat op die vloer in die huise van die armes en 'n lae tafel waarby die Jode plat op die grond gesit het. Eetgerei was eenvoudig.

1.2.4 Voedsel en klere

Vir die Jood was daar nie so 'n skerp onderskeid tussen materiële en geestelike dinge nie. Dit was alles deel van die een lewe wat onder beheer van God was. Voedsel was dus nie slegs 'n fisiese noodsaaklikheid vir die mens nie, maar is ten nouste met God geassosieer. Sy voedsel was vir hom heilig omdat dit aan God behoort. 'n Maaltyd was 'n baie sosiale aangeleentheid, waartoe selfs vreemdelinge genooi kon word – 'n besondere welwillendheidsgebaar. Gasvryheid was 'n basiese deug vir elke Jood. Wat kleredrag betref, was die verskil tussen die klere van 'n man en 'n vrou in die Nuwe-Testamentiese tyd veel kleiner as die normale kleredrag van mans en vroue in ons tyd. Oor die algemeen was die kleredrag en styl van beide geslagte konserwatief. Die lendekleed is in die tyd van Jesus algemeen as onderklere gebruik. Dit het by die mans tot by die knieë gereik, met 'n gordel om die middel (Harley 1989 : 304). Die vrou het meestal dieselfde tipe drag gedra as die mans, maar dit was gewoonlik langer, fyner en sierliker. Handversiering op die klere en juweliersware moes die vroulike stempel daaraan verleen.

1.2.5 Opvoeding

Vir die Jood van Jesus se tyd was die kind belangrik alhoewel hy nie veel van 'n sosiale status gehad het nie. Jesus se eie optrede teenoor kinders dui op sy waardering van die kind. Formele opvoeding was egter nog skaars in daardie tyd en nasionale opvoeding wat verpligtend vir alle kinders is, het hulle glad nie geken nie. Opvoeding het primêr by die ouers berus, waar die moeder vir die eerste vyf jaar verantwoordelik was om vir haar kinders die basiese dinge te leer wat enige kind moet weet. Dit het gewoonweg geskied deur haar voorbeeld van hoe dinge gedoen moet word en sy moes dit maar inpas in haar daaglikse roetine. Vanaf ongeveer vyf jaar is die seuns deur hulle vaders oorgeneem en het hulle 'n beroep geleer deur saam met hulle vaders te werk. 'n Bietjie tel en die aanleer van vakkennis was so ver hulle onderrig gestrek het (Löytty 1967 : 49). Ongeletterdheid was dus vry algemeen. Kennis van die Skrifte en van die godsdienstige gebruike is egter mondeling opgedoen en so ook die mondelinge tradisies en ongeskrewe wette.

1.2.6 Siekte en genesing

Siekte, lyding en pogings om daarvan verlos te word was ook in die Bybelse tye 'n weselike deel van die samelewing. Die meeste terme wat vir siektes gebruik word in die Ou en Nuwe Testament was gewoonlik alledaagse woorde. Siektes is meestal aan twee oorsake toegeskryf: as gevolg van sonde en die straf daarop, of as gevolg van duiwelbesetenheid. Een van die mees gevreesde siektes van daardie tyd was melaatsheid. Dit het nie alleen die gesondheid aangetas nie,

maar ook die persoon seremonieel onrein gemaak. Hy moes die samelewing verlaat en is slegs toegelaat om terug te keer nadat aan verskillende voorskrifte voldoen is en hy deur die priester rein verklaar is (vgl. Lev. 13 en 14; Mark. 1:44). Melaatsheid is 'n velsiekte wat baie algemeen in Palestina voorgekom het, ook in die Nuwe-Testamentiese tyd (Du Plessis 1997 : 327). In die algemeen was die beskouing oor melaatsheid dat dit 'n plaag is wat God oor die mens bring as straf vir hoogmoed, laster of die saamwoon met 'n menstruerende vrou. Die ongeneeslikheid van melaatsheid is so sterk opgeneem dat die melaatses tot die lewende dooies gereken is.

1.2.7 Intermenslike verhoudinge

In teenstelling met ander samelewings waar daar sterk klasseverskille aanwesig was, het die Joodse samelewing 'n minder drastiese verdeling geken as gevolg van die invloed van die Judaïsme en die Ou-Testamentiese voorskrifte. Tog was daar sodanige verskille. Oor die algemeen het die hoëpriester en die leidinggewende rabbi's die hoogste klasse gevorm met kleinboere, vakmanne en kleinbesigheidsmense op 'n laer trap van die samelewing. Die tollenaars was veral 'n gehate en veragte klas. Slawerny was 'n sosiale instelling en het in die meeste huishoudings voorgekom. Die slaaf is soos 'n familielid behandel, alhoewel hy natuurlik nie in al die voorregte gedeel het nie (De Villiers 1997 : 159). Die mag wat 'n Jood oor sy slaaf gehad het, was bepaal deur die Joodse

wet. Oor die algemeen het die Jode slawe baie menslik behandel. Soms het mense hul slawe verkoop om skuld te kon betaal.

1.2.8 Welstand en welsyn

In sowel die Ou as die Nuwe Testament is rykdom as 'n seën van God beskou (vgl. Gen. 13:2 en 1 Tim. 6:17). Die besit van aardse rykdom het egter ook die verpligting ingehou vir die rykes om hulle rykdom met die behoeftiges te deel (vgl. 1 Tim. 6:18). Dit was veral die weduwees en die wese wat in armoede kon verval en wat gehelp moes word. Die ekonomiese toestande waarna Jesus in sy gelykenisse verwys, met groot grondeienaars, belastinggaarders, geldskieters en dagloners, dui op 'n ekonomiese situasie wat duidelik deur die Hellenisme beïnvloed is en reeds ver verwyder was van die toestande wat in die Ou Testament beskryf word. Jesus het in Sy leer nie hierdie ekonomiese situasie of aardse besittings sodanig as boos afgewys nie, maar wel op die gevaar daarvan gewys (Löytty 1967 : 49). Die vroeë kerk self het gepoog om hulle besittings gemeenskaplik te benut en die poging was aanvanklik baie geslaagd. Dit was veral deur aalmoese dat die Joodse volk aangemoedig is om die grofste vorme van armoede en sy meegaande ellende teen te werk .

1.3 Die Ekonomiese situasie

Die sosiale en ekonomiese lewe van enige volk is natuurlik baie nou vervleg en in hierdie afdeling sal daar gevolglik heelwat raakpunte met die sosiale lewe wees.

1.3.1 Voedselproduksie

Seker die oudste beroep in Palestina was die van die skaapherder. Vanaf die nomadiese tydperk tot op die tyd van die Nuwe Testament was skaapboerdery een van die belangrikste bedrywe in Palestina. Die skaap was die hoofbron van inkomste en kon vir sy vleis en wol benut word. Dit kon verhandel word en was die belangrikste offerdier. Die herder moes sy kudde voltyds versorg. Saans is die skape van die heuwels af in 'n klipkraal versamel nadat die herder hulle geroep het. Die kudde het die stem van die herder goed geken (vgl. Joh. 10:3). Die herder het ook gewoonlik voor die skape uit geloop en hulle het hom oral gevolg, want hy het hulle na die beste weiplekke en waterdrinkplekke geneem (Du Plessis 1997 : 331).

Visvang is veral uit die Nuwe Testament bekend in verband met die visbedryf op die meer van Galilea. Daar is hoofsaaklik van nette, die werpnet en die sleepnet, gebruik gemaak. Akkerbou in al sy vertakkinge stam uit die vroegste geskiedenis van Palestina. Opgrawings by Jerigo het hierdie feit beklemtoon en aangedui dat daar reeds 7500 v.C. landbou bedryf is in hierdie streek. Die klipperige gesteldheid van die bodem het dit egter 'n moeilike bedryf gemaak. Die meeste

boere was van reën afhanklik, want besproeiing was moeilik. Die gewasse wat verbou is, was in hoofsaak: verskillende graansoorte, veral koring en gars; druive, waarvan wyn en rosyne gemaak is; olywe, wat veral vir hulle olie verbou is; vye en dadels. Die landbou-implemente was uit die aard van die saak baie primitief.

1.3.2 Nywerhede

Toe die Israeliete Kanaan ingetrek het, was hulle tegnies nie die gelyke van die landsinwoners nie. Hulle het egter heelwat van die vaardighede oorgeneem en verder van buitelandse vakmanne gebruik gemaak. Van nywerhede soos ons dit vandag ken, was daar nie veel sprake nie. Dit was meestal 'n soort "tuisnywerheid". Mense het hulle eie huise gebou, straks met behulp van die bure; die vroue het self gespin en geweef en hulle eie kosprodukte gemaak.

Een van die heel oudste bedrywe en die een met die grootste omvang was die van die pottebakker. Daar was altyd 'n groot behoefte aan allerlei gebruiksvoorwerpe van klei, byvoorbeeld lampies, skottels, vate vir water en ander kosprodukte. Palestina het oorgenoeg klip en steen gehad en messelaar en steenbouer het dus materiaal genoeg gehad vir hulle bedryf. Alhoewel Jesus (Mark. 6:3) en Sy vader Josef (Matt. 13:55) albei skrynwerkers was, is daar baie min verwysings na hierdie beroep in die Bybel. Ons vermeld nog kortliks 'n paar bedrywe waarvan ons in die Nuwe Testament lees (Du Plessis 1997 : 333). Die

leerbedryf was wyd verspreid omdat leer vir soveel doeleindes gebruik kon word byvoorbeeld klere, sandale, water- en wynsakke. Ten nouste verwant hieraan was die leerlooier, van wie ons die bekende voorbeeld van Simon die leerlooier in Handeling 9:43, 10:6 en 10:32 aantref.

Saam met die leerbedryf hang natuurlik die hele tekstielbedryf. Die Jode het dwarsdeur hulle geskiedenis hulle eie stof vir klere en tente gemaak. Dit was grootliks 'n tuisnywerheid en hoofsaaklik 'n vroulike beroep. Ons weet dat Paulus, Akwila en Prissilla ook tentmakers van beroep was, maar dit is nie duidelik of dit in hulle geval dalk 'n groter bedryf as 'n tuisnywerheid was nie.

1.3.3 Handel



In die tydperk voor die ballingskap was Israel geen handelsvolk nie. Daar was meer van 'n deurgangshandel sprake omdat Palestina op die kruising van die groot handelsroetes tussen Egipte en Mesopotamië geleë was. Selfs in die tyd van die Nuwe Testament het die handel nog nie 'n besonder groot rol gespeel nie (Du Plessis 1997 : 333). Palestina het ook geen goeie hawens gehad nie. Die groot handelsaktiwiteite in die tyd van die Nuwe Testament het uitgegaan van die Romeine. Hulle het die handel oorheers.

1.4 Die godsdienstige situasie

Die Joodse volkslewe was nie so individualisties en gefragmenteerd soos ons moderne samelewing nie. Hulle godsdiens het 'n integrale en dominante rol gespeel in hul alledaagse politieke en gemeenskapslewe. Daarom het verskillende groepe met spesifieke godsdienstige oortuigings 'n beslissende invloed uitgeoefen op die Joodse samelewing.

1.4.1 Die priesters en Leviëte

Na die ballingskap is die Joodse alledaagse lewe hoofsaaklik beïnvloed deur die priesters en skrifgeleerdes. Maar dit was veral die priesters wat in die eerste eeu na die ballingskap die gemeenskap georganiseer het met behulp van die Tora (wet). Hulle was die geestelike sowel as die gemeenskapleiers (Du Rand 1997 : 269). Algaande het die uitleg van die Tora egter in die hande van die skrifgeleerdes beland sodat hulle groter aansien by die volk begin geniet het. Sodoende het die skrifgeleerdes in later tye die gemeenskapsleiers in geestelike sake geword.

Die priesters het as sodanig egter nie hulle basiese posisie verloor nie, omdat slegs hulle volgens wet die offerandes kon waarneem. As bemiddelaars tussen mense en God, deur die behartiging van offerandes, het die priesters 'n sleutelrol bly speel. Die gelede van die priesters was geslote omdat hulle volgens die wette van die Pentateug slegs op grond van natuurlike afstamming tot die groep

kon behoort. Die basiese vereiste om 'n priester te kon wees was 'n bewys van natuurlike afstamming uit die huis van Aäron.


'n Priester kon sy werksaamhede opneem indien hy sonder enige fisiese gebrek was (vgl. Lev. 21:16-23), ongeveer op twintigjarige ouderdom. Dit het deur 'n inseëning geskied, op gesag van die Sanhedrin, na 'n deeglike ondersoek van die kandidaat. Die getal priesters gedurende Jesus se tyd was so groot dat beurte gemaak moes word om dienswerk te verrig.

Die Leviëte moet van die priesters as sodanig onderskei word. Die Leviëte is reeds in die Mosaïese wetgewing nie toegelaat om te offer nie. Aan hulle is take toevertrou soos die slag van diere, voorsorg en bewaking van die tempel (Eseg. 44:6-16).

Die hoëpriester het aan die hoof van die hele struktuur gestaan. Hy het opgetree in 'n godsdienstige en politieke hoedanigheid. As hoof van die Sanhedrin (Joodse Raad) het hy beheer uitgeoefen oor die burgerlike lewe, en as godsdienstige leier het hy op feesdae opgetree in die kultus. Volgens Levitikus 16 moes hy die offerande bring op die Groot Versoendag (wanneer hy ook die Allerheiligste betree het), sowel as op die feeste van die Nuwemaan en die Nuwejaar. Hy het dit as verteenwoordiger van die volk gedoen en het sodoende vir die volk by God ingetree. Hoëpriesterskap was aanvanklik streng volgens afstamming bepaal en 'n lewenslange amp (Du Rand 1997 : 271).

1.4.2 Die Sadduseërs

Die Sadduseërs was 'n belangrike groep in die Joodse volkslewe aan die begin van die eerste eeu n.C. Oor die herkoms van die naam Sadduseërs bestaan geen uitsluitel nie. Sommige meen dat dit afgelei is van die eienaam Sadok. Gedurende Salomo se tyd het 'n sekere Sadok hoëpriester geword in die plek van Abjatar (1 Kon. 2:35). Die Sadduseërs se verbintenis met die priesterlike aristokrasie maak die afleiding vanaf die eienaam Sadok 'n sterk moontlikheid. Esegieël reserveer die priesterdiens uitsluitlik vir die nageslag van Sadok (vgl. 40:45-46). En in die Nuwe Testament word die hoëpriesters en hulle aanhangers soms Sadduseërs genoem (vgl. Hand. 4:1-2; Hand. 5:17).



Die mees uitstaande eienskap wat die Sadduseërs tipeer is dat hulle uit die aristokrasie gegroei het. Dit is die vermoëndes en mense van aansien. Daarmee saam is hulle geassosieer met die priesterskap. Die Sadduseërs het die geskrewe Tora as bindend beskou en het die menslike interpretasies daarvan deur die eeue heen verwerp. Die Sadduseërs het die priesterlike rituele reinheidswette streng nagekom (Saldarini 1988). Die Sadduseërs het onder die Romeinse bewind gepoog om die opstandiges onder hulle Joodse volksgenote polities te kalmeer. Die Sadduseërs het egter tevergeefs probeer om die gewapende opstand teen Rome (66 – 70 n.C.) te voorkom. Die Sadduseërs was sekularisties ingestel. Dit het meegebring dat hulle die mens se bestaan en geskiedenis slegs tot hierdie lewe beperk het.

Volgens die Nuwe-Testamentiese getuienis het die Sadduseërs die liggaamlike opstanding as sodanig ontken (vgl. Mark. 12:18-27; Hand. 4:1-2 en Hand. 23:8). Daarmee saam het hulle ook toekomstige straf of beloning as deel van die oordeel ontken. Volgens Handeling 23:8 het hulle die bestaan van engele en geeste ontken. Jesus se prediking het 'n bedreiging ingehou vir hulle politieke en religieuse posisie (vgl. Joh. 11:47). Sy klem op die buite-wêreldse bestemming waar "mot en roes" nie kon verniel nie, het die Sadduseërs se alreeds kwynende mag nog verder ondergrawe. Die Christendom het met meer leerstellinge van die Fariseërs as die van die Sadduseërs saamgestem, byvoorbeeld oor die liggaamlike opstanding. In die dekades voor die vernietiging van Jerusalem het die Sadduseërs se publieke posisie en politieke rol sodanig getaan dat hulle gedwee moes toegee aan Farisese druk totdat hulle as groep tot niet gegaan het met die vernietiging van die tempel (Saldarini 1988).

1.4.3 Die Skrifgeleerdes

Die skrifgeleerde of sófér (Hebreeus) was oorspronklik iemand wat kon skryf. So 'n persoon het dan as skrywer of sekretaris opgetree. 'n Tipiese Joodse skrifgeleerde moes optree as 'n amptenaar, 'n onderwyser en ook 'n juris. In elk geval het hy sy gesag ontleen aan sy vertrouheid met die Mosaïese wet. Om 'n skrifgeleerde te word was 'n lang en duur opleiding (Saldarini 1988). 'n Skrifgeleerde of rabbi was volgens die Nuwe Testament hoog in aansien. Sy

leerlinge moes hom eer. Die skrifgeleerdes sou ook altyd by besondere geleenthede die keursitplekke inneem (vgl. Mark. 12:39) .

Die skrifgeleerdes se taak was die bewaring en teoretiese uitbouing van die wet. Die skrifgeleerdes het ook die wet onderrig aan groepe leerlinge wat hulle om hulle geskaar het. Die skrifgeleerdes het in die tempel en sinagoges onderrig gegee (vgl. Luk. 2:46; Joh. 18:20). Die inhoud van hulle onderrig was die geskrewe wet asook die mondelinge oorgelewerde interpretasies. Die inhoud moes gememoriseer word en is oor en oor herhaal. Die leerlinge moes die inhoud woord vir woord onthou en mag nooit die leerstellinge verander het nie. Nog 'n taak van die skrifgeleerdes was om die administrasie van die wet as juriste te behartig, veral in die Sanhedrin (vgl. Mark. 14:43). Dit het meegebring dat hulle oor allerlei sake regsadvies en uitspraak moes gee. Daarom word hulle ook wetgeleerdes genoem (vgl. Matt. 22:35)

Volgens die Sinoptici was die skrifgeleerdes invloedryk. Hulle was onderwysers (Mark. 7:29), juriste, wetgeleerdes en sommige was lede van die Joodse Raad. Jesus het soos 'n skrifgeleerde opgetree, maar was nie georden as een nie (vgl. Matt. 21:23). Teenoor die oorleweringe van die ou mense het Jesus as die gestuurde van God met eie gesag en in eie Naam opgetree. Die meeste skrifgeleerdes was heftig teen Jesus en Sy leer gekant. Volgens hulle was Hy oneerbiedig en ongehoorsaam aan die tradisies van die wet. Hy en Sy dissipels het byvoorbeeld saam met diegene geëet wat die tradisies verwerp het (vgl.

Mark. 2:16; Luk. 15:2). Volgens hulle het Jesus gelaster deur te sê dat Hy sondes vergewe (Mark. 2:7).

1.4.4 Die Fariseërs

Die term “Fariseër” is afkomstig van die Griekse woord “farisaios” wat herlei word van ‘n woord wat onder andere in die Aramees sowel as in die Hebreeus “afskei” beteken. Volgens die Nuwe-Testamentiese gebruik daarvan het dit ‘n invloedryke godsdienstige groep in die Judaïsme aangedui. Oor die presiese ontstaan van die Fariseërs bestaan ook twyfel. Die Fariseërs het gegroei uit die volksgeledere en veral uit die geledere van die Gasidim, die lojales aan die wet, en die nie-priesterlike wet en skrifgeleerdes. Hulle kan dus die “leke-skrifgeleerdes” genoem word omdat hulle nie uit die priestergeslag nie, maar uit die geledere van die volk gekom het. Die Fariseërs het swaar gekry onder Antipater en Herodes, en het selfs gevra om onder die direkte regering van Rome te kom (Du Rand 1997 : 286). Daarom was die meerderheid Fariseërs gekant teen die Joodse opstand teen Rome in 66 – 70 n.C. Uiteindelik, na die val van Jerusalem in 70 n.C., het die Fariseïsme geseëvier nadat die Sadduseërs en Selote om verskillende redes verdwyn het.

Die opvallendste karaktertrek van die Fariseërs was hulle nougesetheid ten opsigte van die wet. Nog ‘n karaktertrek van die Fariseërs was die erns wat hulle gemaak het met oorgelewerde tradisies (vgl. Mark. 7:1-13). Juis op die punt het

die Fariseërs verskil van die Sadduseërs. Die Fariseërs het ook die oorleweringe, dit is die tradisies wat die vadere oorgelewer het, as bindend beskou. Net soos die Sadduseërs was die Fariseërs ook 'n religieuse groepering wat politiek betrokke was. Die meeste skrifgeleerdes het uit die geledere van die Fariseërs gekom. Die Fariseërs het geglo aan 'n opstanding na die dood asook 'n buitewêreldse bestaan waar die mens beloon of gestraf word. Volgens Handeling 23:8 het die Fariseërs 'n goed uitgewerkte engeleleer gehad (Saldarini 1988). Die Fariseërs het hulself beskou as die ware en suiwer Israel wat daarom in 'n besondere verhouding tot God geleef het en ook 'n uitverkore bestemming gehad het.

Volgens die Psalms van Salomo (17:23) is verwag dat die "gesalfde", die "seun van Dawid", deur God geroep sou word om as koning oor Israel te heers. Hierdie Messias sou die heidene omverwerp en uit Jerusalem en Israel verdryf. Hy sou Israel herstel en 'n koninkryk oprig in die plek van die heidene en sondears (17:23). Jerusalem sal die hoofstad wees en die tempeldiens sal herstel word. Die Sadduseërs het nie 'n messiaanse verwagting gehuldig nie (Du Rand 1997 : 289).

Die Fariseërs was 'n godsdienstig behoudende en saambindende element in die Joodse volkslewe. Hulle het konstruktief deelgeneem aan die sosiale en religieuse aktiwiteite in die volkslewe. Hulle was die sterkste groepering met wie rekening gehou moes word. Die Fariseërs het die wil van God gesoek deur

stiptelike wetsonderhouding (Saldarini 1988). Die evangelies teken die verhouding tussen Jesus en die Fariseërs as die van konflik. Alhoewel die Fariseërs ook eerlik na die wil van God gesoek het, was hulle verblind deur hulle eie oorlewinge.

1.4.5 Die Esseners

Die Esseners word nie in die Bybel genoem nie, maar uit die geskrifte van Josefus is heelwat van hulle bekend. Hulle vorm 'n klein afgesonderde groep. Uit protes teen die misbruik van die priesters en die verwording van die tempeldiens verbreek hulle alle bande met Jerusalem en vorm geslote gemeenskappe wat hulle in afgeleë "kloosters" vestig, veral in die omgewing van Engedi in die nabyheid van die Dooie See. Hulle asketiese leefwyse is deur strenge reëls bepaal. Reinigingswassinge in lopende water, gemeenskaplike maaltye en godsdienstige handeling is voorgeskryf vir elkeen wat volgens 'n vasgestelde prosedure ingelyf is. Hulle het glad nie deelgeneem aan die volkslewe nie, maar gewag op die dag wanneer hulle na Jerusalem sal kan optrek om die tempel en die tempeldiens te herstel ooreenkomstig die voorskrif van Esegïel 40 (Groenewald 1968 : 41). Van groot belang is die feit dat die Esseners van 'n heilige ontevredenheid met die godsdienstige toestande onder die Jode getuig en uiting gegee het aan die verlange na die koms van iemand wat die volk sou teruglei tot die ware vrese van die Here.

1.4.6 Die Herodiane

Hulle was 'n politieke party wat Herodes Antipas ondersteun het en Romeinsgesind was. Hulle het die stryd aangesê teen almal wat vir die bevryding van die Romeinse juk geywer het. Hulle was dus ook geen vriende van die Fariseërs nie. Herodes se optrede teen Johannes die Doper (Matt. 14:3) en teen Jesus (Luk. 13:31) het stellig by hulle byval gevind. Omdat hulle Jesus as 'n moontlike aanspraakmaker op die troon van Herodes gesien het, het hulle saam met die Fariseërs saamgespan om planne teen Jesus te smee (Mark. 3:6 vgl. 8:15) en stel die twee partye saam die belastingvraag aan Jesus ten einde Sy lojaliteit aan Keiser Tiberius te toets (Matt. 22:15) (Groenewald 1968 : 39). In hoever hulle 'n aandeel gehad het in die gevangeneeming van Jesus word in die evangelies nie vermeld nie.

1.4.7 Die Selote

Die Selote was 'n politieke groep wat sy sterkste steun in Galilea gehad het. Wanneer die party ontstaan het, is onseker. Die eerste keer dat hulle onder die aandag kom, is toe hulle onder leiding van Judas, die Galileër teen die Romeine in opstand gekom het om 'n sensus wat in 6 n.C. gehou is, te probeer teenstaan (vgl. Hand. 5:37). Hulle spoor voortdurend aan tot verset teen die oorheersers en is bereid om hulle lewe te waag in vryheidstryd. Die naam "seloot" beteken "yweraar". Die Aramese vorm word weergegee met "kananites". Simon

Kananites wat in Matteüs 10:4 onder die twaalf dissipels voorkom, is dus dieselfde as Simon die Yweraar in Luk. 6:15 (Groenewald 1968 : 39). Die Selotiese Joods-nasionale besef het meegebring dat hulle nie net teen Romeine die stryd aangesê het nie, maar ook met geweldpleging en sluipmoord opgetree het teen volksgenote wat te Romeins-vriendelik geword het.

1.4.8 Die Samaritane

Hoewel daar reeds baie oor die Samaritane geskryf is, bly ons kennis van hulle uiters skraal. Vroeë verwysings na hulle is beperk en verwarrend, terwyl die oorgrote persentasie van hulle eie literatuur laat is en slegs voorhande is in nog ongepubliseerde manuskripte. Wat die herkoms van die Samaritane betref, is daar twee kontrasterende weergawes te wete, 'n Joodse en 'n Samaritaanse. Volgens die Joodse kan dit teruggevoer word na die koloniste wat Salmaneser van Assirië vanaf Babel, Kuta, Awwa., Hamat en Sefarwajim na Samaria gebring het nadat hy die Noordryk (Israel) in 722 v.C. ingeneem en die plaaslike Salmaneser se opvolgers, Essarhadon en Assurbanipal, aangevul het met nog ander koloniste (Esra 4:2,10) (Pelser 1997 : 509). Die God van Israel (Jahwe) sou vervolgens omdat hierdie mense Hom nie aanbid het nie, leus gestuur het wat 'n groot slagting onder hulle aangerig het.

Hierop het hulle die versoek gerig dat 'n priester van Jahwe na hulle toe gestuur moet word om hulle te leer om Hom te aanbid. Hoewel aan hierdie versoek

voldoen is, het die koloniste nogtans voortgegaan om ook hulle eie volksgode te vereer. Die gevolg was 'n sinkretisme wat daarin bestaan het dat daar slegs 'n dun laag vernis oor die diepgewortelde heidendom van hierdie mense versprei was. In ooreenstemming met hierdie Joodse weergawe en houding jeens die Samaritane is neerhalend na hulle verwys as "die mense van Kuta" en "leeubekeerlinge" en is hulle vir praktiese doeleindes deur die Jode in dieselfde kategorie as alle ander nie-Jode geplaas en as sodanig behandel (Pelser 1997 : 509).

Die Samaritane op hulle beurt het hierdie storie bestempel as 'n gemene Joodse vervalsing. Die deportasie van 722 v.C. was volgens hulle nie 'n totale wegvoering van die bewoners van die Noordryk nie en ook nie finaal nie. Die ballinge is naamlik na 55 jaar gerepatrieer, en dit is hulle nasate wat die Samaritane geword het. Die breuk met die Jode, so beweer die Samaritane, gaan terug na die tyd van Eli, toe Eli afvalliglik 'n heiligdom vir Jahwe te Silo gaan vestig het, terwyl die plek hiervoor in die wet van Moses, die Gerisimberg was. Tot hierdie ergerlike optrede is later nog ander toegevoeg toe Esra die heilige teks van die Tora vervals het en die mense wat uit ballingskap teruggekeer het, verlei het deur hulle 'n tempel naas die Judese hoofstad te laat oprig. Daar moet na alle waarskynlikheid aanvaar word dat die waarheid oor die herkoms van hierdie mense min of meer halfpad tussen genoemde twee uiteenlopende weergawes lê. Dat daar 'n uitwisseling van bewoners plaasgevind

het, word deur die Assiriese bronne bevestig, maar of dit op so 'n groot skaal gebeur het, is te betwyfel.

Die menings oor wanneer die antipatie tussen Jood en Samaritaan ontstaan het en wanneer dit tot 'n hoogtepunt ontwikkel het, is uiteenlopend. Gedurende die tyd van Jesus was die verhoudinge tussen die Jode en die Samaritane baie gespanne. Dat die Samaritane 'n veelbewoë geskiedenis van oorheersing deur vreemde magte deurgemaak het, ly geen twyfel nie. 'n Uitgesproke monoteïsme staan sentraal in die Samaritane se geloof. God is 'n enige wese en nie-liggaamlik, anderkant tyd, ruimte en toeval. Hy het nie 'n helper nie en hoewel Hy alle dinge vul, kan Hy nie aan tyd en plek gebind word nie (Pelser 1997 : 513). Moses is nie alleen die verhoogde profeet, die seël van die profete en die keurigste van alle skepsels nie, hy is ook 'n uiters unieke wese. As sodanig is hy die lig van die wêreld en is alle ander ligte uit syne afkomstig.

Die Tora is deur God self geskryf en dit is by Sinai aan Moses gegee en daarmee saam die twee kliptablette waarop die tien gebooie geskryf is. Die Tora is permanent en onveranderlik. Gerisimberg en nie Sion (by Jerusalem) nie, is die ware heilige plek deur God gekies en voorgeskryf in die Tora. Om dit te beklemtoon, is na elke gebod van die tien gebooie 'n paragraaf ingevoeg, saamgestel uit Deuteronómium 11:30 en 27:2 – 8 waarin beveel word dat op Gerisimberg geoffer moet word. Anders as in die Joodse weergawe spreek die Samaritaanse teks by Deuteronómium 27:4 'n seen uit oor Gerisimberg en 'n

vloek oor Ebalberg, 'n lesing wat deur baie geleerdes as korrek aanvaar word (Pelser 1997 : 514). Gerisimberg het volgens die Samaritane reeds voor die skepping bestaan.

Die Samaritane se belangrikste en godsdienstige feesdae is Paasfees, Pinkster en die Loofhuttefees, waarvan die Paasfees as die heiligste beskou word (Pelser 1997 : 515). Die hoofees is die Groot Versoendag waarop die Tora gelees word en almal verplig is om te vas. Die Sabbat word uiters streng onderhou.

In hierdie hoofstuk het ons, ons ten doel gestel om die geskiedkundige wêreld waarin ons Christelike geloof ontstaan het, te ondersoek en te beskryf. Dit is byvoorbeeld 'n historiese feit dat Jesus met verskeie sosiale en godsdienstige strominge in die buitewêreld te doen gehad het. Dus was dit noodsaaklik om kortliks die geskiedenis en lewenswyse van die Romeins-Joodse wêreld uiteen te sit en die tydsagtergrond van die Sinoptici duidelik te maak.

HOOFSTUK 2

Judaïsme : Selektiewe tipering

Om oor Judaïsme enkele geselekteerde opmerkings te maak, kan alleen onder sekere beperkinge geskied. Judaïsme het 'n eeue oue geskiedenis, was onderworpe aan invloede, veranderinge en ontwikkelingsprosesse en het 'n omvattende literatuur. Daarom is die skrywe oor Judaïsme 'n uitdaging. Die skrywer hoop dat hy nie Judaïsme skade aangedoen het ter wille van die saaklikheid nie. In die hoofstuk wil ek toespits op Judaïsme met die fokus op die volgende: die volk, die wet, die Sabbat, die tempel, die sinagoge en die Joodse feesdae. Die rede is dat dit die direkte konteks was van Jesus se prediking en bediening.

2.1 Die volk

Die kies van die Joodse volk het begin toe hulle voorvader, Abraham, uit Ur van die Galdeërs na Kanaan getrek het. Volgens die Bybelse verhaal het God aan Abraham verskyn en gesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.” (Gen. 12:1-3) Baie eeue later, tydens die

uittog van die volk Israel uit Egipte, het God volgens oorlewering aan die Israëliete gesê dat hulle Sy eiendom onder al die nasies sal wees, 'n koninkryk van priesters en 'n heilige volk (Harley 1989 : 272).

Beide hierdie gedeeltes dui aan dat die Joodse volk geroep is tot 'n besondere verhouding met God en 'n besondere taak teenoor hulle medemense. Om die uitverkore volk te wees was 'n groot voorreg, maar dit was ook 'n groot verantwoordelikheid. Hulle sou in 'n koninkryk van priesters wees wat die enigste ware God dien, en 'n heilige volk wat die aard van God in hulle persoonlike, sosiale en nasionale lewe moes weerspieël. Vandag is daar miljoene Jode oor die hele wêreld versprei (Harley 1989 : 272). Hulle gebruike, liturgie, leefwyse en selfs hulle uitspraak van Hebreeus kan baie wissel, maar hulle is een volk, verenig deur hulle gemeenskaplike voorvaders, die aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob.

2.2 Die Wet

Die Hebreeuse Bybel is die hoeksteen van Judaïsme. Veral word die Pentateug beskou as die mees direkte en mees fundamentele openbaring. Die wet word gevind in die eerste vyf boeke van die Bybel (die Pentateug of the Tora) wat die openbaring van God aan Moses drie duisend jaar gelede op die berg Sinai weergee. Die vyf boeke van die Tora geniet sonder twyfel die hoogste agting. Dit is erken deur die ganse Jodedom, binnelands sowel as buitelands. Die Tora het

'n Goddelike oorsprong gehad en was onaantasbaar (Meiring 1996 : 98). Die reikwydte van die wet het oor die Godsvolk se ganse bestaan gestrek. Daarom is die Tora die kernwoord in die Joodse etiek. Dit het nie net die instruksies vir die kultus bevat nie, maar, as uitdrukking van God se wil, is die konsensieuse nakoming daarvan in die daaglikse lewe as religieuse plig beskou.

Die wet bevat by wyse van interpretasie 613 gebooe wat elke faset van die daaglikse lewe, van siviele reg tot persoonlike higiëne en dieet dek. Hierdie voorskrifte, wat heel bondig in die tien gebooe saamgevat word, was die basis van baie van die daaropvolgende groot wettiese kodes van die wêreld. Hoewel baie Jode nie meer al die wette van die Tora slaafs gehoorsaam nie, onderhou ortodokse Jode dit tot in die fynste besonderheid. Vir tradisionele Judaïste is nie net die inhoud van die Pentateug heilig nie, maar elke woord van die ontvangte teks. Dit is die unieke interpretasie van historiese ondervindinge; die getuienis van 'n nasie of groep daarin wat hul ondervinding vertel en veral hul reaksie op hul verhouding met Jahwe. Die verhaal het te doen met 'n spesifieke volk (Harley 1989 : 273). Daarom is Judaïsme die godsdienst van een volk. Judaïsme is dus etnies gebonde en al het dit dié beperkinge het dit die voordeel dat die Jood die godsdienst nie kan losmaak van die konkrete situasie nie; nog minder van die nasionale en politieke lewe.

Die godsdienst van Israel bly onverklaarbaar as die figuur van Moses weggelaat word, al is dit moeilik om vas te stel wat alles tot hom herlei word. Abraham

oorheers die Bybelse verhaal in verband met die begin van die Israelitiese godsdiens. Die outeurs van die historiese boeke van die Bybel, die Profete, en die outeur van die latere boek van Esra, stem almal saam dat die “wet van Moses” en die verbond wat Moses gesluit het tussen die volk en Jahwe, die hoeksteen van Israel se bestaan en voortbestaan is (Harley 1989 : 273). Die soeke na betekenis was ‘n passie by die Jood en dit is hierdie soeke wat die Jood uitgelig het vanuit onbekendheid tot ‘n wêreldvolk.

Jahwe is die enigste God van Israel: “Hoor, Israel, die Here onse God is ‘n enige Here” (Deut. 6:4). Die verantwoordelikheid teenoor Jahwe het ook tot uiting gekom in die Jood se verhouding teenoor die skepping. Hier is geen wêreld pessimisme nie. Vir die Jood is die wêreld ‘n imponerende verskynsel. In die spesifieke menslike wêreld kom Jahwe se woord voor as sy wil, wat die menslike wil aanspreek tot volvoering van sy taak.

2.3 Die Sabbat

Die Sabbat is die vernaamste aspek van die Joodse familie-ritueel. Die Sabbat word begroet met die woorde: “Kom, my beminde, om my bruid te ontmoet, die Sabbat, die koningin.” Die Sabbat en die besnydenis is eie aan die Jadaïsme (Exod. 31:12-14). Die Sabbat is ‘n dag van algehele rus waarop nie vuur aangesteek mag word nie. Dit is ‘n dag met besondere atmosfeer van vreugde en vrede en word as sodanig beskou as ‘n voorsmaak van die tyd wat kom

(Meiring 1996 : 115). Die Sabbat is ook 'n teken van die verbond met Israel (Exod. 31:13, 16-17). Die Sabbat begin met sonder Vrydagaand wanneer die kerse aangesteek word (dikwels was dit 'n nie-Jood wat dit moes doen) en die moeder, omring van haar man en kinders, die volgende seënbede opsê: "Geseënd is U, o Here onse God, Koning van die heelal, wat ons deur U wette geheilig het, en ons beveel het om die lig van die Sabbat aan te steek."

Hierna neem elkeen 'n slukkie wyn en sny die vader die Sabbatbrood. Die hoofdiens vind op die Saterdagmôre plaas en die namiddagdiens is gewoonlik korter. Die ortodokse Jood mag selfs nie 'n lig aanskakel of 'n telefoon oplig gedurende die Sabbat nie. Baie van die voorskrifte in verband met die Sabbat is deur die hervormde Jode betwis. Geen lang reise mag op die Sabbat onderneem word nie. 'n Ortodokse Jood sal binne maklike loopafstand van die sinagoge woon aangesien hy nie die motor mag bestuur op die Sabbat nie of van openbare vervoer gebruik mag maak nie. Hierdie beperkings wat hoegenaamd nie as lastig beskou word nie, word deur die godsdienstige Jood gesien as 'n wyse waarop hy verlos word van die sorg van die daaglikse lewe. Dit is 'n dag waarop hy volkome kan rus van sy gewone werk en geestelik vernuwe kan word (Oosthuizen 1977 : 29).

Aan die einde van die Sabbat kom die gesin weer bymekaar vir 'n kort seremonie. Seëninge word uitgespreek oor 'n beker wyn en 'n doos soet speserye. Die speserye wys op die geur van die Sabbatdag, wat, so word

gehoop, in die nuwe week ingedra sal word (Meiring 1996 : 115). Elke sewende jaar was Sabbatjaar, wanneer die lande rus (Lev. 25:3-4). Na sewe Sabbatjare volg die Jubeljaar, wanneer gevangenes vrygelaat word en verarmdes hulle vervreemde grond weer terugontvang (Lev. 25:8-25). So word 'n halfeeue van genade gevier.

2.4 Die Tempel

Die tempel in Jerusalem was die middelpunt van die Joodse godsdienstige en nasionale lewe. Met sy daaglikse offerandes en met al sy seremonies het dit aan sy besoekers verkwikking en vreugde gegee. Die tempel was 'n simbool van Jahwe se heiligheid en teenwoordigheid. Die tempelgebou in Jerusalem waarna telkens in die Nuwe Testament verwys word, is die van die sogenaamde "tweede tempel". Dit is die gebou wat deur Esra en Nehemia na die ballingskap opgerig is. Die eerste tempel is deur Salomo gebou (1 Kon. 5-7; 2 Kron. 2-4). Met die verowering van Jerusalem deur Nebukadneser is die tempel verwoes (Lategan 1977 : 469). Die herboude tempel het aanvanklik ongunstig afgesteek by die glorie van die oorspronklike gebou (vgl. Hag 2:3) en moes ook onder daaropvolgende oorloë ly. In die tyd van Herodes die Grote is die tempel egter volledig vernuwe en die tempel area aansienlik uitgebrei.

Herodes, beroemd vir die bouwerke wat hy oral in Palestina opgerig het, het geen koste of moeite ontsien sover dit sy bouprogram aan die tempel betref nie.

Die resultaat van Herodes se onderneming het bewondering afgedwing (vgl. Mark. 13:1-2). Veral vir die reisiger op pad na Jerusalem was die hooggeleë tempelkompleks, wat reeds van ver af bo die stad uitgetroon het, 'n besondere indrukwekkende gesig. Voor die tempelgebou het die reuse brandofferaltaar en die koperwaskom gestaan. Die binneruimte van die tempel is deur middel van 'n swaar voorhangsel (vgl. Luk. 23:45) in die heilige en die allerheiligste verdeel. In die heilige was die goue reukofferaltaar, die kandelaar met sewe arms wat voortdurend gebrand het en die tafel vir die toonbrode, waarop elke Sabbat twaalf nuwe brode geplaas is (Lategan 1997 : 469).

Die allerheiligste kon slegs deur die hoëpriester betree word en dan ook net eenmaal per jaar, naamlik op die Groot Versoendag wanneer hy die soenoffer vir die hele volk bring. In die eerste tempel het die verbondsark in die allerheiligste gestaan, maar dit het met die verwoesting van Jerusalem deur die Babiloniërs verlore gegaan en in die tyd van Jesus was die allerheiligste 'n leë ruimte. Dit is belangrik om daarop te let dat met die terugkeer uit die ballingskap onder leiding van Jesua en Serubbabel daar in Jerusalem nie 'n volk nie, maar 'n tempelgemeenskap tot stand gekom het (Oosthuizen 1977 : 30). Die tempelbelasting van "halwe sikkels" wat elke volwasse Israeliet moes bydra (vgl. Matt. 17:24-27), het sy persoonlike betrokkenheid by die tempel versinnebeeld. Dit is moeilik om die godsdienstige betekenis van die tempel in die tyd van Jesus te oorskat en dit is opvallend hoe Hy hom by bepaalde kultusgebruike aansluit en die tempel dikwels die sentrum van sy latere optrede en verkondiging vorm (vgl.

Mark. 11; Luk. 2:49; Joh. 2:13-25; 5:1). Dit is eers in die tyd na die verwoesting van die tempel dat 'n verskuiwing van die godsdienstige fokus na die sinagoge plaasvind.

Soos reeds genoem vorm die tempel die middelpunt van die godsdienstige lewe van die Jode. Die hart van die tempelbedryf bestaan op sy beurt in die instandhouding van die daaglikse offerpraktyk. Tweemaal elke dag, in die oggend en teen die namiddag, jaar in en jaar uit, is die brandoffer (*támíd*) op die tempelaltaar gebring. Aan die hoof van die priesterlike dienswerk in die tempel het die hoëpriester gestaan. As voorsitter van die Sanhedrin was hy 'n besondere invloedryke persoon. Die hoëpriester was die enigste persoon wat die allerheiligste van die tempel mag betree en dan ook slegs eenmaal per jaar, op die Groot Versoendag, wanneer hy die offerbloed in hierdie ruimte moes sprenkel as 'n versoening vir die sondes van die volk. Hoewel dit sy enigste voorgeskrewe ampplig was, was dit nogtans gebruiklik dat hy ook op die Sabbat en by geleentheid van die groot volksfeeste optree (Lategan 1997 : 472).

Die volk was ten nouste betrokke by die tempelbedryf. Nie alleen het elkeen deur die tempelbelasting die erediens in stand gehou nie, maar hy het ook deur die gee van tiendes en ander belastings tot die onderhoud van die priesters bygedra (Lategan 1997 : 475). Die toenemende spanning met Rome loop uiteindelik op die oorlog van 66 n.C. en die beleg van Jerusalem uit. In 70 word die tempelarea

bestorm, die tempel gaan in vlamme op en Titus voer die tempelgereedskap as buit na Rome mee.

2.5 Die Sinagoge

Dit is 'n merkwaardige feit dat die verwoesting van die tempel nie die einde van die Joodse godsdiens beteken het nie. Die oorsprong van die sinagoge as godsdienstige instelling kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Moontlik het dit reeds gedurende die Babiloniese ballingskap ontstaan na aanleiding van die behoefte aan 'n plek van samekoms en aanbidding. Sinagoge ('n Griekse woord wat plek van samekoms beteken) is 'n vertaling van die Hebreeuse Bet Hakeneset (Meiring 1996 : 115). Wat die bou van die sinagoge betref, het sekere algemene voorskrifte gegeld. Indien moontlik moes dit op die hoogste punt van 'n dorp of stad opgerig word en blykbaar was die nabyheid van vloeiende water ook 'n oorweging, met die oog op die verpligte handwassing voor die erediens (vgl. Hand. 16:13). Die inrigting van die sinagoge was oor die algemeen sober en eenvoudig. Soos in die tempel mag slegs mans aan die erediens deelneem. Vroue het in 'n afgesonderde ruimte, dikwels vanaf galerye in die twee syruimtes, die verrigtinge gevolg. Die beheer van die sinagoge-aangeleenthede was gewoonlik in die hande van 'n plaaslike raad van drie lede. Die dienste in die sinagoge is gehou op die Sabbat en die feesdae, maar ook op Maandag en Donderdag. Die tempel was in die sorg van priesters en Leviete; vir die sinagoge het leke gesorg.

Die sinagogale erediens het in vaste patroon verloop wat die elemente van belydenis, gebed, voorlesing uit die Skrif en die uitleg van Gods wil ingesluit het. Die normale orde van die diens was soos volg: die Sjema-resitasie ("Hoor Israel"), die Tefilla (die Agtiengebied en priester-seën, die Skriflesing uit die wet en die profete en die daaropvolgende preek. Die sinagoges het 'n ontsaglike groot betekenis vir die ontwikkeling van die Judaïsme gehad (Harley 1989 : 274). Die vaste gemeentelewe wat in hulle ontstaan het, het aan die Israëliete 'n sisteem gegee wat 'n sterk nasionale band gevorm het waar hulle ookal gewoon het. Ons mag ook nie vergeet nie dat die sinagoges op baie maniere 'n voorbeeld aan die Christelike gemeentelewe gegee het.

2.6 Die Joodse Feesdae



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

2.6.1 Nuwejaar (Rosj Hasjana)

Dit word beskou as die dag waarop God die wêreld gemaak het. Dit het 'n versoenende karakter en word onderskei deur die blaas van die ramshoring. Dit roep die volk op tot rou. Dit moet Jahwe aan sy beloftes herinner en dit moet die duiwel verwar wat sy uiterste doen om Israel op die dag te beskuldig. Twee datums word gegee vir die Nuwejaar. Volgens die Bybel begin die datering die eerste dag van die maand Nisan of Abib, wat lente beteken (Exod. 12:1-2). By ons is dit Aprilmaand. Die eerste dag van die maand Tisri, die sewende maand van die Joodse kalender, word ook aangegee as Nuwejaarsdag (Lev. 23:24). Op

hierdie dag vind daar ernstige ondersoek plaas as voorbereiding vir die dag van versoening (Oosthuizen 1977 : 29).

Op die vooraand van die Nuwejaar kom almal saam in die sinagoge om God te eer. Na die diens volg die feesmaal. Elke lid van die gesin drink van die feeswyn wat deur die vader geseën is. Geregte wat in heuning gedoop is, word geëet as simbool wat verwag word (Meiring 1996 : 116). Die volgende oggend is almal weer in die sinagoge vir die bidstond wat voorlesing van die wet en ander gedeeltes uit die Joodse Bybel inhou. Daarna word op die ramshoring geblaas waarna die preek en gebede volg. Die diens kan die hele oggend tot in die vroeë middagure duur.

2.6.2 Dag van versoening (Jóm Hakkippurím)

Hierdie is die heiligste dag van die jaar vir die Joodse gemeenskap – die dag waarop Jahwe die sonde van sy volk bedek (Kippur van kapper, “uitwis” om te bedek) onder die bloed van die offer. Volgens Levitikus 16 was twee bokke by hierdie dag betrokke (Lategan 1997 : 478). Die een op wie se kop die sondes van die volk oorgedra is en die woestyne ingeneem is vir Anasel – dit het die kranse afgestort. Die ander een was deur die hoëpriester in die tempel geslag en die bloed is gesprinkel om versoening te doen vir die oortreding van die volk. Ook was 'n sondeofferbul geoffer vir die huis van Aäron (Lev. 16). Die hoëpriester moes hom sewe dae totaal afsonder, op die versoendag sy liggaam

vyf keer was en tien keer sy hande en voete. Die betreding van die allerheiligste was die klimaks wanneer die hoëpriester die allerheiligste binnegaan waar die ark van die verbond was. Daar het hy ingetree vir die versoening van die volk. As die priester uitkom nadat die volk in diepe spanning buite gewag het, is daar diepe dankbaarheid dat die groot gebeurtenis ter wille van elkeen kon plaasvind en dat dit volvoer is.

Hierdie fees kon na die verowering van die tempel nie meer in sy oorspronklike vorm gevier word nie en gevolglik het dit al meer die karakter van 'n dag van verootmoediging, inkeer en vas aangeneem (vgl. Hand. 27:9 waar dit die "vastyd" genoem word) (Harley 1989 : 274). Ook vandag lê die nadruk by die Joodse vieringe van die Versoendag op skuldbelydenis voor God en versoening met die naaste. In die Nuwe Testament word Christus en Sy soenoffer aan die kruis as die finale vervulling van die Versoendag verkondig. Hebreërs 4:14; 10:18 gee 'n uiteensetting van hierdie gedagte.

2.6.3 Loofhuttefees (Sukkôt)

Vyf dae na die Nuwejaarsfees word die Sukkôt of huttefees waargeneem wanneer feesgangers in hutte van takkies woon wat sien op die woestynverblyf (Lev. 23:39-43). Dit is 'n dankfees vir God se bewaring en voorsiening. Verskillende voorskrifte het vir die bou van hierdie loofhutte gegeld en volgens voorskrif moes elke feesganger ook 'n feesruiker maak van ten minste een

palmtak, twee wilgertakke en drie mirtetakke. Hierdie ruiker is in vreugdebetoon rondgeswaai met die linkerhand, terwyl 'n soort sitrusvrug in die regterhand gedra is. Die herhaalde voorlesing van die wet gedurende die Loofhuttefees (vgl. Neh. 8:19) vorm moontlik die agtergrond van Jesus se uitspraak in Johannes 7:18, terwyl Sy openbaring as die lig van die wêreld (Joh. 8:12) verband kan hou met die gebruik om op die sewende dag 'n fakkeloptog te hou waarby die tempel ook verlig is (Lategan 1997 : 479). Die verwoesting van die tempel het sekere feesgebruik onprakties gemaak, maar die bou van loofhutte wat maklik oral kon plaasvind, het behoue gebly.

2.6.4 Die viering van die Wet (Simchat Tora)

Na die Loofhuttefees volg die viering van die wet. Dit is die Simchat Tora waarin gejuig word oor die deurfees van die Pentateug in die loop van die jaar. Dan begin die fees van Genesis weer van vooraf aan. Volwassenes spreek die seën uit oor die fees van die wet. Kinders kom met papiervlaggies waarop allerlei inskripsies oor die deugde van die Woord van God staan (Oosthuizen 1977 : 32). In die sinagoge word die perkamentrolle omhul met rooi, pers, blou en wit versiersels en 'n goue omboorsel uit die ark van die wet gehaal en aan die mans en seuntjies gegee wat sewe keer sirkel om die rostrum met lofliedere ter ere van die Tora. Die rolle word gesoen of hul raak dit met hul vingers aan en soen dan hul vingers.

2.6.5 Die fees van die Tempelwyding (Channoeka)

Teen ongeveer die tyd wanneer die Christene Kersfees vier, vier die Jode die fees van die ligte. Dit gedenk die oorwinning van Judas Makkabeüs oor die Siriërs en die hertoewyding van die tempel van Jerusalem in 164 v.C. Die fees, wat bekend staan as die fees van die ligte, wat die oorwinning van die lig oor die duisternis aankondig, het die naam ontvang omdat op elkeen van die feesaande kerse aangesteek word. Dit is 'n vrolike fees. Elke aand na sonsondergang steek die hoof van die huisgesin die kerse op. Op die eerste aand een kers en elke aand een meer totdat agt kerse brand. Die gesang Ma-oz Tsur (O, rots van my verlossing) word onder die aansteek van die kerse gesing en sien op die bevryding van die tempel, op die lyding en op die hernude tempelwyding. Spesiale dankgebede, asook die hallel (Ps. 113 – 118) word elke dag van die feestyd in die sinagoge uitgespreek (Meiring 1996 : 117).

2.6.6 Die fees van Ester (Purim)

Dit word op die 14de dag van Adar, een maand voor Paasfees gevier in herinnering aan die Jode wat gered is van Haman se komplot teen die Jode tydens hulle verblyf in Persië onder die koningskap van Ahasveros. Haman het sy magiese stene, Puriem, gewerp en die getalle 13 en 12 op die steentjies het hom laat besluit om die Jode om te bring op die 13de van die 12de maand. Die Jode het die oorwinning behaal en die oorwinning op die 14 adar gevier. Die

boek Ester (Hebreeus, Megilla) word op die aand van die volgende dag in die sinagoge voorgelees (Harley 1989 : 276). Dit is ook 'n fees vir geskenke en jolyt en dus meer 'n geselligheidsfees as 'n godsdienstige instelling.

2.6.7 Die Paasfees (Pésach)

Dit is 'n belangrike fees van die Judaïsme wat kultiese hernuwing bied van die gebeurtenisse wat in verband staan met die eksodus uit Egipte, 'n gebeurtenis wat fundamenteel is vir die bestaan van die Joodse nasie. Daarom word dit ook die vryheidsfees genoem weens die uittoeg uit slawerny. Die uittoeg het gelei tot Sinai waar die waardigheid van elke mens aangekondig is (Lategan 1997 : 476). Dit word op die 15de van die maand Nisan gevier. Oorspronklik was dit 8 dae, maar vandag word net die eerste en laaste dag as werklike heilige dae beskou. Gedurende die fees word 'n lam geslag en geëet. 'n Eenjarige manlike lam sonder enige gebrek moes deur die hoof van die tafelgeselskap of sy verteenwoordiger op die middag van die veertiende Nisan in die binneste voorhof van die tempel geslag word. Die bloed is deur die priesters opgevang en teen die brandofferaltaar uitgegiet. Daarna is die lam huistoe geneem en in sy geheel gebraai – enige ander wyse van voorbereiding was verbode. Aangesien geen metaal die vleis mag aanraak nie, is 'n braaispies van granaathout voorgeskryf wat deur die lam in sy lengte gesteek is.

Met sonsondergang, dit wil sê met die begin van die vyftiende Nisan volgens Joodse berekening, het die familiekring of tafelgemeenskap byeengekom om die Pasga te vier. Alleen ongesuurde brood (massôt) mag geëet word gedurende die 8 dae van die fees. Hulle eet die massôt in gedagtenis aan die oorhaastige wegtrek in die nag toe hulle nie kon wag dat die brood kon rys voor hulle vertrek nie. Die huis self word deeglik gereinig – feesskottelgoed word gebruik. In 'n spesiale seremonie is vroeër na alle suurdeeg en suurdeegbrood gesoek wanneer die vader met 'n brandende kers deur die huis gaan. Dit word geëet of vernietig. Die fees begin op die "Paasfees Aand" met 'n maaltyd. Die maaltyd (séder) is 'n blye gesinsete en aan die hoof van die tafel is die skottel met sinnebeelde van die pasga (Oosthuizen 1977 : 33). Daarbinne lê ongesuurde brood, verder bitter kruie wat die bitterheid van slawerny versinnebeeld, 'n been wat heenwys na die lam wat die Israeliete geoffer het en 'n harósses, 'n gereg wat bestaan uit appels, neute, kaneel en wyn en wat wanneer gemeng lyk soos die klei waarvan die Jode bakstene gemaak het vir Farao.

Daar word eers uit die Haggadah vorgelees, 'n boek wat bestaan uit Bybelaanhalings, Bybelinterpretasies en poëtiese passate met die doel om die betekenis van die Paasfees te verduidelik – liedere en rympies. Die jongste kind lees die vier vrae aan die begin voor oor die betekenis van die séderdiens. Gaste word uitgenooi na die maaltyd (Meiring 1996 : 118). Sedert die verwoesting van die tempel 70 n.C. kon paaslammers natuurlik nie meer volgens voorskrif geslag word nie en is die fees daarsonder gevier.

2.6.8 Die Pinksterfees (Pentekosté)

Pinkster (van die Griekse pentekosté [héméra] = vyftigste dag) of Fees van die Weke staan in 'n bepaalde verband met die Pasgafees. Nie alleen het die Pinksterfees vyftig dae na Pasga plaasgevind nie (vgl. Lev. 23:15-23), maar dit het in 'n sekere sin ook die afsluiting van die pasgaperiode beteken. Laasgenoemde blyk uit die feit dat nou weer gesuurde brode as offer gebring word (Lev. 23:17). In wese was dit 'n dankfees wat met die eersteling van die nuwe oes gevier is. Twee brode, gebak met meel van die nuwe graanoes, moes as "beweegoffers" na die tempel gebring word, dit wil sê dit is deur die priester na voor en agter beweeg tydens die offer: na vore om te simboliseer dat die gawe aan die Here gewy word, na agter dat die Here dit weer teruggee (Lategan 1997 : 477). Saam met die brode is ook sewe jaaroud lammers, 'n bul en twee ramme voorgeskryf, waarvan 'n gedeelte vir die onderhoud van die priesters bestem was (vgl. Lev. 23:17 – 20).

Teenoor die groter soberheid en erns van die Pasga het die Pinksterfees 'n opgeruimde en vrolike karakter gehad (vgl. Deut. 16:9–12). Later is hierdie fees met die geskiedenis van Israel verbind deur die ontvangs van die wet by Sinai op Pinksterdag te dateer, waaraan die gedagte van die verbond tussen God en Sy volk ook gekoppel is. As gevolg van hierdie latere ontwikkeling kon die Pinksterfees selfs na die verwoesting as Joodse feesdag bly voortbestaan. In die Nuwe-Testamentiese interpretasie van Pinkster word die verbintenis met die

nagmaal (Pasga) behou: die gekruisigde word nou as die opgestane en verhoogde Heer geopenbaar (Hand. 2:29–36), terwyl die gedagte van die eersteling van die oes en die vervulling van Gods verbondsbeloftes ook aanwesig is (Oosthuizen 1977 : 34).

Bogenoemde selektiewe tipering van Judaïsme het gepoog om 'n algemene indruk te kry van aspekte soos die volk, die wet, die Sabbat, die tempel, die sinagoge en die Joodse feesdae om as raamwerk te dien vir die res van die betoog in hierdie studie. Vervolgens verskuif die klem na die inkleding van Jesus se bediening volgens die Sinoptici binne so 'n Judaïstiese omgewing.



HOOFTUK 3

Die begin van Jesus se bediening in 'n Judaïstiese omgewing

In hierdie hoofstuk val die klem op die begin van Jesus se bediening in 'n Judaïstiese omgewing. Vanweë die geweldige omvangrykheid van Jesus se bediening, is dit nie moontlik om binne die bestek van een hoofstuk 'n volledige beskrywing te gee van die verloop van Jesus se aardse optrede nie. Ons sal hoogstens op 'n hoë vlak van veralgemening na 'n paar belangrike ontwikkelings kan kyk ten einde 'n profiel van Jesus se bediening daar te stel.

3.1 Die vroeë lewe van Jesus

Jesus van Nasaret se optrede en leerstellings vorm die hart van die Christendom. Vir Christene wêreldwyd is Hy die Messias, die Seun van God wat mens geword het en deur Sy kruisdood God en die mensdom met mekaar versoen het. Sy sterwe en opstanding uit die dood is daarom die spil van bykans alle Christelike belydenisse. Jesus is tussen die jare 6 – 4 v.C. gebore (Joubert 1995 : 130). As gevolg van die berekeningsfout van 'n monnik genaamd Dionisius Eksigius, wat in die sesde eeu n.C. die opdrag ontvang het om die Christelike jaartelling uit te werk, is Hy inderwaarheid vier tot ses jaar vroeër

gebore as wat mense gewoonlik dink (Joubert 1995 : 130). Sy moeder se naam was Maria. Volgens die Matteüs-evangelie is Jesus deur die krag van God se Gees in haar verwek.

Na haar troue met 'n timmerman genaamd Josef, en kort voor die geboorte van Jesus, moes hulle volgens die gegewens in die Matteüs- en Lukas-evangelie na Bethlehem gaan om hulle vir 'n Romeinse sensusopname in Judea te laat registreer. Tydens hierdie besoek is Jesus gebore. Hy is deur sy ouers Jesus genoem, wat "verlosser" beteken. Ons weet baie min van Jesus se vroeë jare (Stauffer 1960 : 44). Matteüs vertel van die vlug na Egipte en Lukas van die twaalfjarige Jesus in die tempel. Albei verhale bring onder die lesers se aandag die politieke gevare wat gedreig het en Josef se waaksame oog oor die politieke sake. Jesus se ampsnaam of titel wat deur die vroeë Christene aan Hom toegevoeg is, is Christus, wat "gesalfde" beteken (Joubert 1995 : 131).

Jesus het opgegroeï in 'n relatief onbekende Galilese dorpie genaamd Nasaret, waar Hy saam met Sy vier broers en Sy aardse vader, Josef, as timmerman gewerk het (Stauffer 1960 : 45). In Markus 6:3 en Matteüs 13:55 word die name van vier van Jesus se broers genoem: Jakobus, Joses, Simon en Judas. Daar word ook in die gedeeltes genoem van Jesus se susters, sonder om hulle name te gee of te sê hoeveel van hulle daar was. Met sekerheid kan gesê word dat Jesus deel was van 'n vol en aktiewe gesinslewe (Stauffer 1960 : 45). Die vader van 'n gesin was bevoegd om die kinders die alfabet te leer en ook te leer lees.

Dit kon baie maklik die geval gewees het volgens E. Stauffer (1960 : 50). Toe Jesus ouer geword het kon dit ook wees dat Hy volgens die gebruik van daardie tyd na die skole gestuur is om meer van die Tora te leer. Dit blyk dat dit die verloop was van Jesus se lewe tydens Sy vroeë verblyf in Nasaret (Stauffer 1960 : 50).

Kort nadat die bekende Joodse profeet en die wegbereider van die Messias se koms, Johannes die Doper, ongeveer die jaar 28 n.C. met sy openbare optrede begin het, het Jesus ook in die openbaar begin preek (Joubert 1995 : 131). Volgens die sinoptiese evangelies, naamlik Matteüs, Markus en Lukas het hy Hom veral toegespits op die Aramees-sprekende Galilese bevolking, veral op die klein dorpie en gemeenskappe wat wyd verspreid oor die platteland voorgekom het.

3.2 Jesus se optrede en prediking

Ons weet nie presies hoe lank Jesus se openbare bediening geduur het nie. Die sinoptiese evangelies wek die indruk dat dit 'n kort tydperk van om en by een jaar kon wees, maar volgens die Johannes-evangelie het dit ten minste drie jaar geduur. Sonder om enigsins in hierdie debat verstrengel te raak, kan as die drietal besoeke wat Jesus volgens Johannes aan Jerusalem gebring het tydens die jaarlikse viering van die Paasfees as riglyn gebruik word om Sy optrede in die jare 28 – 30 n.C. te dateer (Joubert 1995 : 131). Vanweë die omstrede inhoud

van Jesus se prediking het Hy hom die gramskap van die godsdienstige leierskorps van sy dag, naamlik die Fariseërs en die Sadduseërs, op die hals gehaal. Voortdurende woordewisseling tussens hulle het Jesus se bediening deurgaans gekenmerk (Kingsbury 1989 : 76).

Tog is dit opvallend dat die Lukas-evangelie die Fariseërs as nie te onvriendelik teenoor Jesus beskryf nie. Jesus is 'n gas by hulle aan tafel (vgl. 7:36; 11:37; 14:1). Volgens 13:31 waarsku die Fariseërs Jesus oor Herodes se aanslag op Sy lewe (Du Rand 1997 : 290). En volgens Handelingte (vgl. 5:34; 15:5 en 23:9) is die verhouding nog meer positief teenoor die Christelike gemeentes. Waarskynlik was individuele Fariseërs (soos Nikodemus) meer aangetrokke tot Jesus, maar oor die algemeen was die verhouding tussen Jesus en die Fariseërs troebel. Uiteindelik sou hierdie konflik sodanige afmetings aanneem dat die Joodse leierskorps besluit het om Jesus van die toneel te verwyder. Volgens die sinoptiese evangelies vorm die uitdrukking "koninkryk van God" die hart van Jesus se prediking (Joubert 1996 : 132). Trouens, volgens Matteüs en Markus het Hy sy openbare bediening begin met die ernstige oproep dat mense hulle moes bekeer omdat die koninkryk van God naby aan hulle gekom het.

Jesus het homself beskou as die finale en unieke bekendmaker van God se wil. Daarom het Hy volgens die evangelies ook dikwels na homself verwys as die Seun van die mens en die Seun van God, beide dan benaminge wat Sy Godheid verwoord het (Joubert 1996 : 132). Jesus het veral oor God in terme van

gelykenisse gepraat; dit wil sê, verhale wat uit die alledaagse lewenswêreld van sy hoorders ontleen is, waarvolgens hy die wêreld van God met die wêreld van die mense vergelyk het. In hierdie verband het hy hulle veral geleer dat God 'n God van medelye is, op soek na verlore mense, naamlik diegene wat nie binne die heersende Joodse godsdiens van sy dag toegang tot die kultus geniet het nie. Wanneer sulke mense in berou voor God kom staan het, het Hy hulle volgens Jesus onvoorwaardelik as Sy kinders aanvaar (Joubert 1996 : 132).

Jesus se leringe oor God is vergesel van Sy eie positiewe optrede jeens mense wat nie binne die Joodse godsdienssisteem geakkommodeer is nie soos heidene, tollenaars en siekes. In hierdie verband het Jesus vele Joodse reinheidsvoorskrifte oortree deur byvoorbeeld aan onrein persone soos melaatses en dooies te raak. Terselfdertyd het Hy ook by uitgeworpenes soos die tollenaars aan huis gekom (Luk. 19:5), saam met hulle geëet en selfs 'n persoon vanuit hulle geledere, genaamd Levi, binne Sy dissipelkring opgeneem (Mark. 2:14). Bo en behalwe Jesus se gereelde kontak met onrein persone het Hy ook nog vrylik geassosieer met diegene wat nie as belangrik binne die streng patriargaalgeoriënteerde sisteem van sy dag beskou is nie. In hierdie verband het Hy veral aandag geskenk aan vroue deur in die openbaar met hulle te praat (Joh. 4:7) en van hulle in Sy volgelingsgroep op te neem.

Jesus het ook gereeld kontak met kinders gemaak, en by geleentheid selfs 'n kind as voorbeeld van ware belangrikheid binne die koninkryk van God

uitgesonder (Mark. 10). Jesus het beskik oor die vermoë om bonatuurlike dade te verrig, soos om siekes te genees (Matt. 8:7), dooies lewend te maak (Mark. 5:42), storms te laat bedaar (Mark. 4:35), en kos te laat vermeerder (Mark. 6:30). Terselfdertyd het Hy ook mag oor die domein van die bose gehad. Gedurende die tyd toe Jesus op aarde was, het die meeste Jode geglo dat hierdie wêreld in die greep van Asasel of Belial of (soos wat ons hom beter ken) satan staan (Joubert 1995 : 132). Jesus kon egter, sonder gebruikmaking van rituele, amulette of die afweerrites wat gewoonlik deur eksorsiste in die antieke wêreld gebruik is, demoniese magte van mense die wyk laat neem het (Joubert 1995 : 132).

3.3 Die boodskap van die koninkryk



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Jesus het Sy publieke bediening begin deur te sê: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom, bekeer julle en glo die evangelie" (Mark. 1:15). Jesus het die koms van die koninkryk aangekondig en mense uitgenooi om burgers van hierdie koninkryk te word. Jesus se boodskap het 'n tweeledige inhoud gehad, naamlik verlossing en die van oordeel. Aan die een kant ontvang die wat die uitnodiging van God se koningskap aanneem, verlossing en word geregverdig deur die geloof. Uit genade ontvang diegene die geregtigheid van God en kom in 'n regte verhouding met God. Aan die anderkant beteken God se koninkryk ook oordeel aan die wat Sy wil en plan weerstaan en verwerp. Rudolf Schnakenburg beskryf Jesus se prediking as volg: "Thus his preaching was both

a proclamation and a warning, an announcement of a divine act and a demand for a response to it from mankind" (1965 : 15).

Jesus se koms na die aarde was egter nie net vir Sy eie volk nie, maar ook vir die hele wêreld wat in nood was. Die heidene sowel as Israel word geroep om hulle te bekeer. Vir die hele wêreld was Jesus se koms 'n baie betekenisvolle tyd. "When Jesus appeared, he announced to men that an hour of great significance had come." (Schnakenburg 1965 : 16). Die Jode se verwagting was dat die koms van God se koninkryk die openbaring sou wees van 'n militêre leier wat hul sou verlos van die Romeinse juk en onderdrukking.

Jesus wou mense verlos en onder Sy heerskappy bring. In Jesus het God na die aarde gekom as Koning om te regeer en heerskappy te voer. Sy heerskappy kan nou 'n realiteit wees (Ridderbos 1975 : 49). Die Koninkryk van God is 'n proklamasie van verlossing. Met die koms van Jesus het 'n nuwe era aangebreek. As die mense nog Johannes sou aanhang, sou dit wees soos 'n nuwe lap wat op 'n ou kleed aangesit word. Jesus het vir die Fariseërs gesê: "Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin" (Luk. 16:16). In Jesus Christus het God na die wêreld gekom om Sy koninklike majestiteit, mag en reg te openbaar. H. Ridderbos skryf: "The kingdom of heaven is, therefore, absolutely transcendent in its origin, it is the revelation of God's glory" (1975 : 24).

God se heerlikheid is in die senter geplaas (Ridderbos 1975 : 37). In Jesus as persoon, in Sy woorde, daade, wonderwerke, genesings en bediening het die volheid van die tyd aangebreek. Hierdie volheid het 'n tweeledige karakter. Dit is die voltooiing van 'n voorafgaande tydsbedeling, en dit is tegelyk die begin van 'n nuwe bedeling. Dit gaan dus om 'n bepaalde keerpunt in die geskiedenis (Groenewald 1968 : 26). God se verlossing kan nou reeds besit word.

3.4 Die eise van Sy boodskap

Die koninkryk van God is as 'n gawe van God aan die mens voorgehou. 'n Mens ontvang dit onverdiend. 'n Vereiste om die koninkryk van God te ontvang, is bekering. Bekering is 'n voorwaarde om onder die heerskappy van God te kom. Die Griekse woord vir bekering wat gebruik word is "metanoia". R. Schnackenburg skryf die volgende: "The Greek word metanoia conveys a Hebrew and Aramic concept that goes beyond the scope of the Greek meaning "change of mind" and "regret" (1965 : 25).

Deur die sonde mis ek God se doel met my lewe. Ek draai weg van God se bestemde pad vir my lewe en deur die sonde kom ek in opstand teen God. Daar vind 'n rebellie plaas teen God se wil.

Johannes het die mense gemaak tot bekering. Sy prediking was meer gerig tot die morele reformasie van die Joodse volk (Schnackenburg 1965 : 26). Daarom

was die doop wat Johannes bedien het, die doop van bekering (Mark. 1:4). Jesus se prediking en die oproep tot bekering, het 'n veel dieper betekenis gehad: "In spite of its outward similarity, the call to repentance on the lips of Jesus, the Messiah looked for by John, had a deeper significance" (Schnackenburg 1965 : 27).

Saam met die eerste vereiste van bekering, is die tweede vereiste vir God se koninkryk dat die prediking van die heilsboodskap gelowig aanvaar moet word. Jesus herhaal eintlik die boodskap van Johannes, maar laat die nadruk val op die heilskarakter en nie op die dreigende oordeel nie. Hulle moes die evangelie glo. Die evangelie dat Jesus gekom het as die Seun van God sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die persoon wat tot bekering kom moet erken dat hy verlore is. Sy belydenis moet wees dat hy in 'n hopelose posisie verkeer wat sy verhouding met God betref. Hy staan voor God met sy sondeskuld en moet dit bely. Ware bekering is dus slegs moontlik as 'n mens besef hoe klein en nietig jy voor God is. Die tweede vereiste om die koninkryk van God deelagtig te word, is geloof. Die vertrouwe wat daar in 'n almagtige God gestel word. Geloof is 'n genadedaad van God. Die vereiste van geloof is nou verbonde aan die vereiste om jou te bekeer (Schnackenburg 1965 : 34). Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Net soos in jou bekering, moet jy ook in die geloof na God toe draai. Jy moet luister na God se wil en Sy wil gehoorsaam. Die Fariseërs en die skrifgeleerdes

was onwillig om Johannes te volg. Die rede was hulle was traag en onbereid om hulle te bekeer en 'n gebrek aan geloof (Luk. 7:29).

Die begrip van geloof kom alreeds van die Ou Testament af. "This conception of faith comes from the Old Testament, in which faith is a total bond with God, "saying Amen to God" (A. Weiser aangehaal deur Schnackenburg 1965 : 35). Geloof is om in die God van die verbond te glo, in Sy woord te glo en aan Hom vas te hou. Geloof is die antwoord vir die verlossing van die mens. As God deur Jesus Sy verlossing aankondig, is die belangrikste element geloof. Die boodskap moet geglo word en daarby die bereidheid om die hoogste prys te betaal. Om te glo beteken ons is afhanklik van God. Geloof is 'n lewenstyl van oorgawe aan God. Om te glo beteken om verlos te wees van sonde en om in die regte verhouding met God te leef. Dit beteken nie dat ons nou nie meer sondig nie, maar ons is nie meer uitgelewer aan sonde nie.

Samevattend kan gekonkludeer word dat ons baie min weet van Jesus se vroeë jare. Vanweë die omstrede inhoud van Jesus se prediking het Hy Hom die gramskap van die godsdienstige leierskorps van sy dag op die hals gehaal. Voortdurende woordewisseling tussen hulle het Jesus se bediening deurgaans gekenmerk. Die Sinoptici teken die verhouding tussen Jesus en die Fariseërs as die van konflik. In die lig van die voortdurende woordewisseling en konflik tussen Jesus en die godsdienstige leiers, kom die vraag by 'n mens op oor wat was

Jesus se houding teenoor die Joodse wet? In die volgende hoofstuk word die vraag bespreek.



HOOFSTUK 4

Jesus en die Wet in die algemeen

4.1 Jesus se houding teenoor die Wet

In hierdie hoofstuk bespreek ons Jesus se houding teenoor die wet in die algemeen. Ter inleiding van die hoofstuk wil ons kortliks kyk na die betekenis van die wet. Die woord wet kom van die Hebreeuse woord "Tora". Geleerdes verskil onder mekaar of "wet" die mees aangewese vertaling vir die Tora is (Du Toit 1997 : 437). Veral Joodse geleerdes is besonder daarop gestel dat "Tora" eerder met "onderrig" vertaal behoort te word, en hulle is waarskynlik reg (Harley 1989 : 273). Die vertaling "wet" is egter reeds so sterk ingeburger dat ons daarmee sal volstaan.

Die Septuaginta (Griekse Vertaling van die Ou Testament) gebruik die woord "nomos" vir die wet. Die Tora word as die heiligste van alle geskifte beskou. Die Here God, so glo die ortodokse Jode, het die wet immers self aan Moses by die berg Sinai gegee. Die wet het vir die Jode 'n Goddelike oorsprong en onaantasbare gesagsposisie. Die Tora word vandag nog met die hand op 'n perkamentrol oorgeskryf en mag geen foute, veranderinge of byvoegings bevat nie (Meiring 1996 : 106). Die Tora bevat 613 wette, waarvan 248 positief en 365

negatief is (Harley 1989 : 273). Die Tora word in 52 seksies verdeel, wat weekliks in die sinagoge voorgelees word.

Die reikwydte van die wet het oor die Godsvolk se ganse bestaan gestrek. Daarom is die Tora die kernwoord in die Joodse etiek (Meiring 1996 : 106). Die Tora het nie net instruksies vir die kultus bevat nie, maar was die uitdrukking van God se wil. Die vroom Jood strewende daarna om God met sy hele wese lief te hê en daardie liefde word uitgedruk deur praktiese gehoorsaamheid aan die wet van God in die daaglikse lewe. Die Tora het nie net die Jood se persoonlike en sosiale etiek, sy familie verhoudings, eiendomsgeleentheid, landbou, ja selfs sy kos en kleredrag bepaal nie, maar ook sy meer direk religieuse handeling soos die viering van die Sabat, feeste en vele meer (Du Toit 1997 : 438).



Die Tora het onaantasbare status en gesag en wie die Tora aantast bring die hart van die Joodse godsdienst en daarmee saam die bestaan van die Jodedom self in gedrag. Vervolgens bespreek ons Jesus se houding teenoor die wet.

Dit is duidelik dat Jesus nooit die wet gebreek het nie. Sy vyande was voortdurend op die uitkyk om Hom te betrap in die verbreking van die wet, maar sonder sukses. Op die uiterste kon hulle Hom beskuldig het van oortredings van die Sabbatswette (Scott 1925 : 30). Ernest F. Scott skryf die volgende: "Not only did he observe the set ordinances but he enjoined that reverence should be paid to "those that sit in Moses seat." (Matt. 23:1,2) (Scott 1925 : 30).

Jesus se twis met die Fariseërs was nie omdat hulle die wet onderhou het nie, maar hulle het die wet verdraai (Scott 1925 : 31). In Matteüs 5:17 is Jesus self aan die woord as Hy sê: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”

Negatief gestel: Hy het gekom nie om te ontbind nie; en positief gestel: Hy het gekom om te vervul. Hierby gaan dit om die wet en die profete. So word die Geskrifte van die Ou Testament saam genoem (Groenewald 1968 : 162). Jesus het die bindende gesag van die wet van God gehoorsaam. Met groot nadruk het Jesus verklaar dat eerder die hemel en die aarde sal verbygaan as dat een jota of een titteltjie van die wet ooit sal verbygaan totdat alles gebeur het. Die jota is die kleinste letter in die Hebreeuse alfabet en die titteltjie is die klein hakie of strepie waardeur die een letter van die ander onderskei word (Groenewald 1968 : 163). Met hierdie uitdrukking verklaar die Here dat die hele wet, selfs die skynbaar onbelangrikste gebooi daarvan, onderhou sal word totdat die doel van elke gebod bereik is.

Jesus het 'n baie positiewe ingesteldheid gehad teenoor die Joodse wet (Schnackenburg 1965 : 56). Hy het gedeel in die ryke godsdienstige lewe van Sy volk. Op die Sabbatdag was Hy besig om in die sinagoge te leer (Mark. 1:21). Elke jaar het Hy ook saam met Sy ouers na Jerusalem gegaan vir die jaarlikse Paasfees (Luk. 2:41). In Markus 14:12 was Jesus besig om op tradisionele wyse die Paasfees saam met Sy dissipels te vier. In Matteüs 17 sien ons weer hoe

Jesus die tempelbelasting betaal. Nadat Jesus 'n melaatse gereinig het, het Hy ook die melaatse opdrag gegee om hom aan die priester te gaan vertoon en 'n offer te bring vir sy reiniging volgens die wet van Moses (Mark. 1:44). Soos reeds genoem, het Jesus baie duidelik in Matteüs 5:17 gesê dat Hy nie gekom het om die wet of die profete te ontbind nie, maar om te vervul. Die Griekse woord vir vervul wat in Matteüs 5:17 gebruik word, beteken om die beloftes wat voorheen gemaak is, te vervul. Jesus het geweet dat Hy gekom het om die wil van Sy Vader te openbaar. In Johannes 4:34 sê Hy: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om Sy werk te volbring."

4.2 Jesus se stryd teen die uiterlike vorm van godsdienstigheid

Daar was tog geleenthede waar Jesus in konflik was met die Joodse leiers oor die wet. Günther Bornkamm skryf soos volg: "Significant above all, however is the open conflict with the law which causes the mounting antagonism of the Pharisees and the scribes..... Jesus' attitude is described in the many disputes about the Sabbath Which show him healing the sick and his disciples plucking the ears of grain on their way through a grainfield (Mk. ii.23ff). This is no open offence against the scriptures themselves, but only against that Sabbath casuistry developed in Judaism to the greatest degree of pedantry" (1973 : 97). Jesus het vir die Joodse leraars gesê dat die Sabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die Sabbat nie (Mark. 2:27). Vir Jesus om goed te doen was genoegsame rede om die wet te veronagsaam (Schnackenburg 1965 : 60). So

sien ons het Jesus op die Sabbat die man met die verdorde hand gesond gemaak (Mark. 3:5). In Markus 2:28 verklaar Jesus dat Hy ook die Here van die Sabbat is. Daar is geen twyfel nie dat Jesus vryheid gebruik het om die voorskrifte van die wet te vertolk. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het beledigd gevoel oor Jesus se revolusionêre aanvalle op die wet en die tradisie (Bornkamm 1973 : 62). Jesus se bedoeling was die proklamasie dat die heerskappy van God in Jesus gekom het (Sanders 1985 : 35).

Die Fariseërs se uiterlike onderhouding van die wet was vir Jesus een van Sy grootste frustrasies. Die veruitwendiging van hul godsdien. Die Fariseërs was uiterlik gesproke die uitdrukking van godsdienstigheid. 'n Mens kon op 'n afstand sien hulle is godsdienstige mense. Hulle het reg aangetrek. Hulle het reg gebid. As hulle gevas het en iemand het dit nie opgelet nie, het hulle hul gesigte getrek sodat die mense kon sien hulle trek swaar van die honger (Matt. 5:16).

Hulle het ook hulle tiende gegee. Jesus was egter met al hierdie goed nie beïndruk nie want Hy kyk agter die voorkoms, agter die ritueel, agter die seremonie en verby die handeling. Hy kyk na die hart. Jesus het baie krasse woorde teen die Fariseërs gespreek. Die bekendste vind ons in Matteüs 23:27 "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is". Dit was 'n baie presiese beskrywing van die Fariseërs se godsdien. Die Here kyk verby die uiterlike. Ons verhouding met God gaan oor

veel meer as die uiterlike. Dit is juis in die konteks wat die Here met ons praat in Matteüs 5.

Jesus het gekom om die mense in 'n regte verhouding met God te bring (Schnackenburg 1965 : 66). Daarom het Jesus gepreek en gesê die koninkryk van God het naby gekom en dat die mense hul moes bekeer. Dit sou hulle in 'n regte verhouding met God bring. Die rabbi's het geleer dat regverdiging te kry is deur die wet op 'n onberispelike wyse uit te leef en die nastrewe van goeie werke. Die klem het baie geval op die uiterlike sonder dat daar dikwels 'n innerlike verhouding was wat die persoon beweeg het tot goeie werke. Dit wat dikwels gedoen is, was net 'n ritueel, menslik, oppervlakkig en sonder die dryfkrag van 'n goddelike verhouding.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Daarteenoor het Jesus die belangrikheid van die innerlike onderstreep. In Markus 7:6 haal Jesus Jesaja aan as Hy sê: "... Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af." In Matteüs 5:8 sê Jesus: "Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien." In die Bergrede het Jesus ook gesê: "Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees." (Matt. 5:21). Jesus het na die hart verwys as die bron van goeie en slegte gedagtes. Jesus wou hê dat God gedien moet word met 'n onverdeelde hart. In Matteüs 6:24 sê Hy: "Niemand kan twee Here dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal

die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie.”
 God moet in alles eerste gestel word.

4.3 Teenkantiing van die Joodse leiers

Die Sinoptici teken die verhouding tussen Jesus en die Fariseërs as die van konflik. Jesus het die onegte en vertonerige optrede van die Fariseërs veroordeel (vgl. Matt. 5:20; 16:6; 23:1-39). Om die mondelinge tradisies van die voorvaders na te kom as vervulling van gehoorsaamheid aan die wet, was volgens Jesus nie die suiwer weg tot geregtigheid nie. Jesus fundeer die nakoming van die wet eerder in die liefdesgebod (vgl. Mark. 12:28-34). Hy het die Fariseërs as geestelike blindes beskou wat die mense verlei het (vgl. Matt. 23:24). Jesus het ook sy dissipels gewaarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs, dit is geveinsdheid (Mark. 8:15). Volgens Johannes is die grootste aanklag teen die Fariseërs die feit dat hulle Jesus as die Seun van God verwerp het (Joh. 5:40-43).

Jesus het die Fariseërs beskuldig van liefdeloosheid weens die uitsluiting van die ongeletterdes en sondaars (vgl. Mark. 2:16-17). Die Fariseërs was tereg besorg oor die oordeel van God, vergifnis en die geestelike heil van Israel, maar het die volk eerder vervreem deur hulle eksklusivistiese eise van nakoming van die mondelinge oorleweringe (Du Rand 1997 : 290). Die kern van Jesus se aanslag daarteen was om juis die evangelie aan die verlore nes te verkondig (vgl. Luk.

4:17-22). Alhoewel die Fariseërs ook eerlik na die wil van God gesoek het, was hulle verblind deur hulle eie oorleweringe. Daarom het hulle Jesus beskuldig van lasterlike optrede in die tempel (Mark. 14:58), asook ten opsigte van Sy aansprake om sondes te vergewe (vgl. Mark. 2:5-7), dat Hy die Seun van God is (Mark. 14:61-63) en dat Hy nie vastye en die Sabbat nakom nie (Mark. 2:18-27). Die teenkating teen Jesus het 'n hoogtepunt bereik met die Paasfees in Jerusalem. Jesus het in die stad ingery op 'n opsetlike Messiaanse wyse – hoewel op 'n vreedsame donkie en nie op 'n oorlogspere nie – en is entoesiasies verwelkom deur die skares, wat van Hom verwag het om Homself as hulle nasionale leier te verklaar (Struik 1989 : 340).

In plaas daarvan het Jesus Sy weerstand teen die tempel regime getoon en in 'n reeks bittere woordewisselings met die godsdienstige owerhede betrokke geraak; maar Hy het geen teken van aksie teen Rome getoon nie. Uiteindelik is Jesus met die hulp van Judas, sy ontnugterde dissipel, deur die Joodse leiers gevange geneem en verhoor op 'n klag van godslastering, omdat Hy gesê het dat Hy die Messias en die Seun van God is. 'n Doodsvonnis is uitgespreek, maar 'n Romeinse bekragtiging was nodig om dit geldig te maak (Struik 1989 : 340). Dit is verkry deur 'n klag van opstoking wat by die Romeinse goewerneur gelê is deur die godsdienstige leiers met duidelike populêre steun (Luk. 23:5). So is Jesus wat Sy populêre gevolg teengestaan het met Sy weiering om die wapen teen Rome op te neem, deur Rome tereggestel as 'n politieke rebel, "die koning

van die Jode" (Luk. 23:38). Jesus is tereggestel deur kruisiging, die barbaarse metode wat deur Rome gebruik is vir slawe en rebelle.

Samevattend kan gekonkludeer word dat die Fariseërs se uiterlike onderhouding van die wet een van Jesus se grootste frustrasies was. Die veruitwendiging van hul godsdienste. Hul was uiterlike gesproke die uitdrukking van godsdienstigheid, maar hul hart was ver van God. Daarteenoor kyk Jesus verby die uiterlike. Hy kyk na die hart. Ons verhouding met God gaan oor veel meer as die uiterlike. Vandaar dan die voortdurende konflik tussen Jesus en die godsdienstige leiers oor die interpretasie van die wet.



HOOFSTUK 5

Die radikaliteit van Jesus se boodskap en bediening

In die vorige hoofstuk het ons Jesus se houding teenoor die wet bespreek en gesien dat die Sinoptici die verhouding tussen Jesus en die Fariseërs teken as die van konflik. In hierdie hoofstuk bespreek ons of dit moontlik is om die eise van Jesus se boodskap na te kom? Is die eise van Jesus se boodskap 'n werkbare moontlikheid? Laastens wil ons antwoord of Judaïsme en die radikaliteit van Jesus versoenbaar is.

5.1 God se wil as die hoogste standaard

In Johannes 4 lees ons hoe Jesus se dissipels 'n ete gereed gemaak het en Jesus geen belang gehad het in die aandete nie. Toe die dissipels egter aandring dat Hy ook moet eet, het Jesus verklaar dat Hy voedsel het waarvan hulle nie weet nie. Die dissipels het gewonder of iemand dalk vir Hom 'n ete gebring het, moontlik die Samaritaanse vrou? Jesus het hulle gedagtes geken en verklaar dat Sy voedsel daarin bestaan dat Hy die wil doen van Hom wat Hom gestuur het (Joh. 4:34). Jesus se voedsel was egter Geestelik. Hy het geleef uit sy Vader se opdrag. Dit het Hom gevoed en verteer. Hy het gelewe om Sy Vader se wil te doen en gesterwe om Sy Vader se werk te voltooi (Du Rand 1995 : 31).

Jesus se lewe op aarde was dat Sy woorde, daade en Sy totale bediening 'n demonstrasie sal wees van Sy Vader se wil wat Hy besig was om uit te voer. Daarom was Jesus se houding teenoor die wet dat God se wil sal geskied en dat die wet uit liefde vir Hom uitgeleef sal word. Jou liefde vir God is so groot, dat dit jou dryf tot diens vir Hom (Schnackenburg 1965 : 64).

Dit was Jesus se begeerte om die mense los te maak van die baie gebooi wat deur die wet op hulle gelê is. In Matteüs 11.25 het Jesus sy Vader gedank vir die geloof van Sy dissipels. Die godsdienstige leiers van die Joodse volk het die Godsopenbaring in Jesus nie aangeneem nie, maar kindertjies, dit is die dissipels, het dit wel verstaan en aanvaar. Die openbaring wat hulle aanvaar het, is dat Jesus, die Seun, volmag vir die openbaring van die Vader van Hom ontvang het (Geldenhuis 1959 : 30). Die Seun deel die openbaring mee aan wie Hy wil, dit is aan wie Hy uitkies. Hy kies en nooi na Hom almal wat vermoeid en belas is onder die druk van die wetsuitleg en wetstoepassing van die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hy nooi hulle om Sy juk en Sy leer te aanvaar en geestelik rus te vind (Geldenhuis 1959 : 30).

Om hieraan te voldoen, is nie so moeilik as wat dit skyn nie, aangesien die geregtigheid van die Fariseërs voor God van geen betekenis is nie. Dit is mensgemaakte skynvroomheid (Groenewald 1968 : 163). Daarteenoor verlang Jesus 'n geregtigheid wat voortvloei uit 'n gehoorsaming van die diepe geestelike sin van die wet. Hierdie geregtigheid word egter nie voorgehou as 'n weg tot

bereiking van die saligheid nie, maar as goeie werke van diegene wat reeds deur die Here tot saligheid gelei is. Al het Jesus mense los gemaak van die wet, was dit nooit Jesus se bedoeling om mense wetteloos te laat lewe nie. God se wil was die hoogste standaard wat nagestreef moet word om uit te leef in die koninkryk van God (Snackenburg 1965 : 74). In die nuwe ryk van God se koninkryk het Jesus meer gevra: “Alles of niks.” Hy het onbeperkte gehoorsaamheid aan die wil van God gevra.

In Matteüs 6.33 maak Jesus die wet van aksie bekend aan almal wat die koninkryk van God wil hê: “Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” Jesus Christus was die bekendmaker van God se wil.



5.2 Die vereistes om God se wil te doen

In Markus 9:43–47 lees ons van die morele verpligtinge wat nagekom moet word deur 'n nuwe burger van die koninkryk van God: “En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur,” (Mark. 9:43). “En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur,” (Mark. 9:45).

“En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word,” (Mark. 9:47). Hierdie verse word nie letterlik bedoel nie. Jesus wil net benadruk dat die mees drastiese selfverloëning nie 'n te grote offer is vir die verkry van die ewige lewe nie (Geldenhuis 1959 : 115). Jesus het onbeperkte, onselfsugtige liefde en gehoorsaamheid vir God se koninkryk as vereiste gestel.

Hierdie liefde gaan so ver as om jou vyand lief te hê. Jy moet seën die wat jou vervloek en jy moet goed doen aan die wat jou haat. Jy moet ook bid vir die wat jou beledig en vervolg. God is grensloos en onbeperk in Sy liefde vir die mens (Schnackenburg 1965 : 79). Daarom eis Hy dat ons sal liefhê soos Hy liefgehad het. Die navolging van Jesus is dus nie 'n saak waartoe 'n mens so ligtelik in 'n oomblik van geesdrif kan besluit nie. Dit is 'n stap wat ernstige oorweging verg. Daar moet offers gebring word. Jesus het geen vaste verblyf op aarde gehad nie. Hy was 'n swerwer met minder beskutting en beskerming as die jakkalse of die voëls van die hemel (Matt. 8:20). Hy was vervolg en gesmaad, en het Hom bevind as “Seun van die mens” (Matt. 8:20) op 'n lydensweg. Wie Hom wil volg, sal hierdie selfde weg moet bewandel (Groenewald 1968 : 182).

Al hierdie vereistes om God se wil te doen, is nie 'n moet nie. Jy word nie daartoe verplig, gedwing of geforseer nie, maar 'n mens wil, want God se wil is die hoogste standaard vir jou lewe. God se liefde vir die mens is alreeds in Jesus se werk as Messias gesien. Sy liefde is onselfsugtig en onvoorwaardelik en Hy

het Sy Seun na die aarde gestuur as 'n losprys vir baie. In Matt. 7:14 beskryf Jesus hoe moeilik dit is om in die koninkryk van God in te gaan: "Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind." Jesus se bedoeling was nie hier om mense af te skrik nie of uit te sluit uit God se saligheidsplan nie. Jesus was oortuig dat die beginsels en gebooe van God se koninkryk prakties was en geleef kan word, want Hy was seker dat God nie net moeilike en ekstreme eise stel nie, maar ook dat Hy meer as gewillig is om met Sy genade te help (Schnakenburg 1965 : 89). Die lewende Christus het twee hande. Met die een hand word die pad gewys wat gevolg moet word en met die ander hand word daar na ons uitgestrek om ons te help.

5.3 Naasteliefde en diensbaarheid as die essensie van Jesus se lewe

Die vroeë kerk en ook die christendom deur die eeue was dit eens dat die grootste uitspraak wat Jesus op Sy aardse sending gemaak het, was toe Hy gesê het dat 'n mens die Here jou God moet liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. Die tweede gebod wat hiermee gelykstaan is dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself (Mark. 12:30-31). Aan hierdie twee gebooe het die hele wet en die profete gehang (Schnackenburg 1965 : 90). Johannes 3:16 is die treffendste teks in die Evangelie: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar

die ewige lewe kan hê.” Die oorsprong van verlossing setel in God se liefde vir die wêreld. Daarom het Hy sy enigste Seun gestuur.

Alles begin by God se liefde vir die mensheid. Die woordjie wêreld by Johannes kan die skepping beteken, of die mensheid wat geskape is, of (in die meeste gevalle) die mensheid wat teen God rebelleer (Du Rand 1995 : 26). God het Sy Seun gestuur om die egte liefde sigbaar te kom maak. Jesus het God se liefde kom demonstreer. God het deur Sy Seun na die mens uitgereik. Jesus was die openbaring van Sy Vader se liefde. Jesus is gestuur om lief te hê. Met ons redding het ons ook dieselfde liefde deelagtig geword en daarom word ons ook gestuur om met dieselfde liefde lief te hê. Die doel van God se liefdesdaad was om die mens te verlos. In Johannes 3:17 lees ons: “Want God het Sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.”

Die besef van God se liefde vir die mens het eers na Jesus se kruisdood deurgedring. Die fondasie van God se liefde vir ons is deur Jesus self gelê (Schnackenburg 1965 : 91). Jesus self het verklaar dat die groot gebod van liefde die norm van Christelike moraliteit moet wees. Die impak van die groot gebod van liefde sien ons dwarsdeur die Nuwe-Testamentiese geskrifte en veral ook in die lewe van die vroeë kerk. Vir Jesus het die eerste en groot gebod gelyk gestaan met die tweede gebod, naamlik: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mark. 12:31). Jesus het die onverbreekbare band tussen die twee geboie baie

duidelik gestel. Jesus het geleer dat jou liefde vir God uitdrukking vind in jou verhouding met jou naaste. Hoe 'n mens met jou naaste praat, hom hanteer en behandel, illustreer 'n mens op 'n praktiese manier hoe lief jy God het. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is vir ons 'n goeie voorbeeld van wie jou naaste is en hoe met jou naaste gewerk moet word (Luk. 10:25-37). Die opdrag van Jesus aan die wetgeleerde was: "Gaan en doen jy net so" (Luk. 10:37).

Enige iets wat 'n mens vir jou naaste doen, moet gedryf word deur die innerlike liefde wat 'n mens vir God het. As dit wat jy doen nie gedryf word deur die liefde nie, is die daad net 'n ritueel, oppervlakkig, mensgemaak en kunsmatig. Jesus was vir ons 'n voorbeeld hoe om lief te hê. Hy was die Voorloper van naasteliefde en ook die model van liefde. In Johannes 13 waar Jesus Sy dissipels se voete was, is vir ons 'n sigbare demonstrasie van diens en nederigheid. Die voetwassing was eintlik 'n ongehoorde en onbetaamlike optrede van Jesus. 'n Mens kon dit nie eers verwag van jou Joodse slaaf om die gaste se voete te was nie (Du Rand 1995 : 78). Vir Jesus het die gesag van die liefde in diens gelê. Die grootste moet die kleinste word. Jesus wou sy dissipels die les van diens op so 'n wyse leer dat hulle dit nie weer sou vergeet nie (Groenewald 1968 : 360). Ook wou Hy aan hulle 'n finale daad van liefde doen voordat Hy sou ly. Hy het selfs Judas se voete gewas. Jesus se handeling was 'n simbool van Sy algehele selfvernedering ter wille van die verlossing van die mens (Geldenhuis 1959 : 295).

Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie (Mark. 10:45). Die voetwassing was 'n sigbare demonstrasie van diens en nederigheid. Jesus het nie net van liefde gepraat nie, maar Sy liefde gedemonstreer in daade. As die Seun van God bereid was om Sy dissipels se voete te was, hoeveel te meer moet ons ook nie bereid wees om ook mekaar se voete te was nie. Dit beteken nie dat ons letterlik mekaar se voete moet was nie. Dit sê eerder dat ons sensitief en opofferend sal neerbuig na ons naaste se nood (Du Rand 1995 : 79). So 'n voetwassing vereis lojale navolging en baie geduld.

Daar is nie grense ten opsigte van God se liefde vir jou naaste en diensbaarheid nie. Daar is geen beperkings nie. Ons is gered om ons naaste lief te hê en diensbaar te wees soos Christus vir ons die voorbeeld gestel het.

5.4 Is Judaïsme en die radikaliteit van Jesus versoenbaar?

Die koms van die koninkryk van God het 'n tweeledige karakter. Enersyds was dit die voltooiing van 'n voorafgaande tydsbedeling (Groenewald 1968 : 26). Dit is soos Lukas skryf in Lukas 16:16: "Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin." Tot en met die aanbreek van God se nuwe ryk, het God die wet en die profete gebruik om Sy wil bekend te maak. Andersyds het die koninkryk van God 'n nuwe bedeling ingelei. Daar het 'n bepaalde keerpunt

gekóm in die geskiedenis. Die era van die wet en die profete het tot 'n einde gekóm (Guthrie 1970 : 913). Maar daardie tyd is vir altyd verby. Johannes die Doper was die laaste een van die profete. Die optrede van Johannes het die oorgang van die bedeling van die Ou Testament tot die bedeling van die Nuwe Testament gevorm (Geldenhuis 1959 : 214). Jesus het gekóm om God se splinternuwe ryk te kom proklameer.

Johannes het begin met die nuwe bedeling, en Jesus en Sy dissipels het daarmee voortgegaan, om te verkondig dat die koningsheerskappy van God in en deur Jesus gekóm het (Geldenhuis 1959 : 214). Elkeen wat, soos baie Tollenaars en sondaars, gelowig na Hom luister, dring homself met die grootste erns, selfverloëning en vasberadenheid, as't ware met geestelike geweld, binne die koninkryk in. Dit wil sê binne die sfeer waarbinne die koningsheerskappy van God geopenbaar word.

Mense van alle soorte en stande wat hard stry kon ingaan in God se nuwe ryk. Intussen het die Fariseërs geweier om in Jesus te glo en het Hom beskimp (Luk. 16:14). Op die wyse het hulle hulself uitgesluit buite God se koninkryk. Dit is so dat daar met Jesus se koms 'n nuwe orde, 'n nuwe bedeling binnegetree word, beteken dit nie dat die openbaring van God onder die Ou Verbond op sy geskuif of verwerp word nie (Geldenhuis 1959 : 214).

LITERATUURLYS

Banks, R 1975. *Jesus and the Law in the Synoptic Tradition*. Cambridge: University Press Cambridge.

Baumbach, G 1965. Art. Herodes / Herodeshaus. TRE XV. 159 – 162.

Betz, H D 1997. *Jesus and the purity of the temple : A comparative Religion approach*. JBL. 116, 3, 455 – 472.

Bonsirven, J 1964. *Palestinian Judaism in the Time of Jesus Christ*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Bornkamm, G 1973. *Jesus of Nazareth*. London: Sydney Auckland Toronto.

Bowker, J 1973. *Jesus and the Pharisees*. Cambridge: University Press Cambridge.

Budesheim, T 1971. *Jesus and the disciples in conflict with Judaism*. Z für die Neutestamentliche Wissenschaft. 62, ¾, 190 – 209.

Cohen, B 1969. *Law and Tradition in Judaism*. New York: KTAV Publishing House.

Du Rand, J A 1995. *Terwille van Liefde*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Du Toit, A B (red.) 1997. *Handleiding by die Nuwe Testament Band III*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Erniakulathil, J 1997. *Kingdom of God in the teaching of Jesus*. Biblebhasagam. 23, 3, 90 – 101.

Finkel, A 1974. *The Pharisees and the Teacher of Nazareth*. Netherlands: Leiden/Köln
E.J. Brill.

Geldenhuis, J N (red.) 1959. *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge*. Kaapstad:
Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms) Bpk.

Groenewald, E P 1968. *Handboek Bybelse Geskiedenis*. Pretoria: Interkerklike
Uitgewerstrust.

Guthrie, D (ed) 1970. *The New Bible Commentary Revised*. London: Intervarsity
Press.

Harley, D 1989. *Judaïsme*. R P Beaver (red.) *Godsdienste van die wêreld*. Kaapstad:
Struik.

Harrington, D J 1998. *Retrieving the Jewishness of Jesus : Recent Developments*. *New
Theol Rev.* 11, 2, 5 – 19



Hendriksen, W 1975. *The New Testament Commentary. The Gospel of Mark*.
Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

Hicks, J M 1984. *The Sabbath controversy in Matthew: An exegesis of
Matthew 12 : 1 – 14*. *Restoration Quarterly.* 27, 2, 79 – 91.

Hutchinson, R 1993. *What the rabbi taught me about Jesus*. *Christianity Today.* 37, 10,
27 – 29.

Joubert, S J 1994. *Matteus Vandag*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Joubert, S J 1995. *Die Christendom: volgelinge van Jesus Christus*. P Meiring (red.)
Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste. Prctoria: Kagiso Uitgewers.

- Kingsbury, J D 1989. *Conflict in Mark*. Minneapolis: Fortress Press.
- Lategan, B C 1997. Die tempel en die tempelbedryf, in A B du Toit (red.) *Handleiding by die Nuwe Testament Band III*. Halfway House: Orion Uitgewers.
- Löytty, S 1967. *Inleiding tot die Nuwe Testament*. Genadendal: Genadendalse Drukkery.
- Manson, T W 1963. *The Teaching of Jesus*. Cambridge: University Press Cambridge.
- Meiring, P (red.) 1995. *Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste*. Pretoria: Kagiso Uitgewers.
- Mullins, T Y 1991. Jesus the Son of David. *Andrews University Seminary Studies*. 29, 2, 117 – 126.
- Oosthuizen, G C 1977. *Godsdienste van die Wêreld*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.
- Pelser, G M M 1997. Owerheidsinstansies in die Joodse volkslewe in Palestina ten tye van die Nuwe Testament, in A B du Toit (red.) *Handleiding by die Nuwe Testament Band III*. Halfway House: Orion Uitgewers.
- Ridderbos, H 1975. *The Coming of the Kingdom*. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- Saldarini, A J 1988. *Pharisees, Scribes and Sadducees in Palestinian Society*. Edinburg.
- Sanders, E P 1985. *Jesus and Judaism*. London: SCM Press Ltd.

Schnackenburg, R 1965. *The Moral Teaching of the New Testament*. New York: The Seabury Press.

Schweizer, E 1970. *The Good News According to Mark*. London: SPCK.

Schweizer, E 1976. *The Good News According to Matthew*. London: SPCK.

Scott, E F 1925. *The Ethical Teaching of Jesus*. New York: The Macmillan Company.

Stauffer, E 1960. *Jesus and his Story*. London: SCM Press Ltd.

Stegner, W R 1995. *Breaking away? The conflict with formative Judaism*. *Biblical Research*. 40, 2, 7 – 36.

Struik, 1989. *Godsdienste van die Wêreld*. Kaapstad: Struik.

Van Zyl, A H 1977. *Israel en Sy Bure*. Durban: Butterworth.

Wolf, A J 1997. *Jesus as an historical Jew*. *Judaism*. 46, 3, 375 – 380.